

Minimum vereistes vir professionele vertalers: Vertaalvermoë volgens die teorie en in die praktyk

Alta van Rensburg

Alta van Rensburg, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Een van die beste metodes om die gehalte van 'n vertaalproduk te verseker, is om 'n geskikte vertaler vir 'n spesifieke vertaalopdrag te vind. Die vertaalberoep is egter ongereguleerd, wat beteken dat minimum vereistes vir vertalers nie gestandaardiseer is nie. Kliënte weet dus nie watter kriteria om toe te pas wanneer hulle 'n vertaler moet kies nie. In hierdie artikel stel ek ondersoek in na die minimum vereistes wat in die vertaalteorie aan vertalers gestel word deur 'n bespreking van die drie mees onlangse vertaalvermoëmodelle, naamlik die PACTE-, TransComp- en EMT-model. Ek identifiseer die minimum vereistes wat in die vertaalpraktyk deur drie professionele vertaalorganisasies, naamlik die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI), die American Translators Association (ATA) en die Chartered Institute of Linguists (CIOL) gestel word, en vergelyk die minimum vereistes wat in die drie kwaliteitstandaarde *EN 15038*, *ASTM F2575* en *ISO/TS 11669* gestel word. Vier van die vereistes wat in hierdie ondersoek geïdentifiseer is, is (i) aantal jaar ervaring as 'n voltydse taalpraktisyn, (ii) 'n kwalifikasie in vertaling, (iii) akkreditasie in vertaling by 'n professionele organisasie (soos SAVI), en (iv) die gebruik van 'n vertaalgeheueprogram. 'n Empiriese studie waarin 33 vertalers 'n geskiedenis-eksamenvraestel uit Engels in Afrikaans vertaal het, is by 'n hoëronderrysinstansie uitgevoer om te bepaal of daar 'n verband tussen hierdie vereistes en die gehalte van die vertaalprodukte is. Daar is 'n beduidende verband tussen die gehalte en slegs een vereiste gevind, naamlik die gebruik van 'n vertaalgeheueprogram. Die resultate toon egter ook dat voldoening aan net hierdie een vereiste nie noodwendig tot 'n vertaalproduk van hoë gehalte lei nie, maar dat die kliënt eerder 'n vertaler behoort te kies wat aan 'n kombinasie van hierdie vereistes voldoen en dan persoonlike verwysings kry met betrekking tot die gehalte van die vertaler se vorige vertalings in die spesifieke genre en taalkombinasie.

Trefwoorde: akkreditasie; gehalteversekering; kwaliteitstandaarde; Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad; vertaalpraktyk; vertaalvermoë; vertaling

Abstract

Minimum requirements for professional translators: Translation competence in theory and in practice

One of the best ways of ensuring the quality of a translation product is to find a translator who suits the specific translation task. The translation profession, however, is unregulated: no standardised minimum requirements have been set for translators: neither in translation theory nor in practice. Consequently, anyone who is bilingual may offer clients his or her services as a translator for a fee, irrespective of whether he or she has any experience of, or any qualification in, translation. Another consequence is that clients do not know which

criteria to apply when choosing a translator, so eventually they often entrust the task to the person who quotes the lowest tariff.

In this research article I seek, firstly, to identify the standards set for translators in the following spheres: (i) in translation theory, (ii) at three professional translation organisations and (iii) in three quality standards. Secondly, I conducted an empirical study on four of the requirements I had identified to determine whether there is a correlation between the quality of the translation product and these four requirements. The object of the empirical study, therefore, was to determine whether meeting the requirements may serve as a predictor of high-quality translation.

I studied three of the most recent translation competence models – PACTE (PACTE 2003, 2005, 2008 and 2011), TransComp (Göpferich 2009; Göpferich, Bayer-Hohenwarter, Prassl and Stadlober 2011) and EMT (EMT 2009) – to determine which subcompetences translators need to possess. Pym (2003:482) quotes Wolfram Wills (1976:119), who acknowledged that it is difficult to determine the minimum qualification for professional translators because translation competence most likely is indefinable. My short discussion of the three translation competence models mentioned above confirms that, almost forty years later, Wills's statement is still true for the most part. Academics do agree that subcompetences regarding the source and target languages, subject matter and technological know-how should form part of any translation competence model. Nonetheless, the debate continues about the definition of every subcompetence and which other subcompetences should be taken into account.

I also researched which minimum requirements – if any – are set by translation practice, represented by three professional translation organisations and three quality standards, for persons who want to practise as translators. Such requirements may serve as indicators of the quality of the product that clients may expect.

A short discussion of the requirements set by the South African Translators' Institute (SATI), the American Translators Association (ATA) and the Chartered Institute of Linguists (CIOL) shows that these organisations consider a combination of theoretical training and practical translation experience as important, as well as passing an accreditation examination as an indicator of translation competence, and actions aimed at the continued professional development of translators.

These requirements are echoed in the European Committee for Standardization's *EN 15038 Translation services – Service requirements* (2006), the American ASTM International's *ASTM F2575 Standard guide for quality assurance in translation* (2006) and the International Organization for Standardization's *ISO/TS 11669 Translation projects – General guidance* (2012). These quality standards concur – as do the translation competence models and the professional translation organisations discussed in this article, as well as translation theory (see, e.g., Angelelli 2009 and Presas 2000) – that a translator has to possess more subcompetences than mere bilingualism.

Four requirements regarding subcompetences that translators should possess surface repeatedly in theoretical translation competence models, requirements set by professional organisations and quality standards, namely (i) sufficient experience as a full-time language practitioner, (ii) a qualification in translation, (iii) accreditation as translator with a professional organisation (such as SATI) and (iv) using a translation memory program.

I researched the influence that these requirements may have on the quality of a product of translation by means of an empirical study conducted in South Africa with a view to determining whether meeting these requirements may serve as a predictor of high-quality translation.

This article focuses on the assessment of translation competence with reference to the translator's performance; that is to say, the quality of the product of translation that the translator created. For the purposes of this empirical study a high-quality translation product was defined as a translation in which the particular translation brief was followed; in other words, the message of the source text was conveyed accurately and idiomatically in the target language, in a way that was appropriate for the target reader.

The empirical study was undertaken at an institution of higher education in 2012 and involved 33 translators translating a history examination paper of approximately 500 words from English into Afrikaans. Three evaluators (with postgraduate qualifications in translation or applied linguistics, as well as an average of 15 years' experience) evaluated the products. This was done with reference to the translation brief that the translators had received and an assessment instrument (see Appendix A). Afterwards, statistical tests (e.g. Spearman's rank correlation coefficient and Mann-Whitney U tests) were performed to determine whether the quality of the translation products correlated with the requirements set for translators.

The participating translators had to complete two questionnaires – firstly, to determine whether they met the requirements set for the project (Afrikaans as first language, English as second language, and being full-time language practitioners who earn at least 50% of their income by doing translations), and secondly, to gain information about, for example, their qualification(s) and experience in translation.

The marks awarded to the translation products (n=33) ranged between 70,7% and 53,7%, with an average of 64,4%. The results showed no significant correlation between the quality of a translation (i.e. the mark awarded) and the particular translator's number of years of experience as a full-time language practitioner ($p=0,344624$). However, translators with 0 to 2 years' experience obtained lower marks, especially compared with those with 6 to 10 years' experience. A Mann-Whitney U test showed that no significant correlation existed between the translators' qualifications and the quality of the translation product either ($p=0,234828$), which confirmed the statement by Chesterman and Wagner (2002:36) that translation training does not guarantee a high-quality product.

Furthermore, for the language pair English-Afrikaans no significant correlation was found between translation quality and accreditation with a professional organisation (in this case SATI). However, the p value (0,199813) was closer to 0,05 than with the two requirements mentioned above. Accredited translators (n=12) achieved an average mark of 66,3%, compared with the 63,3% of those without accreditation (n=21). The average number of years' experience among the accredited translators was 15 years, compared with the 7,4 years of the group without accreditation. This confirms the warning from SATI, ATA and CIOL that candidates need translation experience to pass a professional organisation's accreditation examination.

A significant correlation was found between the use of a translation memory program and the quality of the translation product ($p=0,031876$). It was also clear, however, that meeting only this single requirement would not necessarily guarantee a high-quality product: two translators who had fewer than 6 years' experience, no qualification in translation and no

accreditation with SATI, but who did use a translation memory program, achieved 62,0% and 56,3% respectively, while the average mark of the group (n=8) was 67,2%.

Should a translator meet a combination of the requirements, it would be a good indicator of the quality of the translation product. Only two translators in the empirical study met all four requirements, therefore the results of translators who met three of the requirements (i.e. at least 6 years' experience as a language practitioner, a qualification in translation and SATI accreditation) were also taken into account. Contrary to expectation, the average of these translators (64,9%) was almost the same as that of the whole group of 33 (64,4%). This may be because four translators from the group meeting the requirements underperformed – their average of 62,8% was lower than the average of the group as a whole. In fact, the products of two of these four underperforming translators were among the ten translations that were awarded the lowest marks. This underperformance illustrates the observation by Drugan (2013:70) that even the best translators do not produce high-quality translations all the time.

Thus a significant correlation between the quality of the translation product and a requirement set for translators was found in only one instance, namely the use of a translation memory program. As stated before, meeting this single requirement does not necessarily ensure a high-quality product; various factors may impact on different translators, and to various degrees. Clients are strongly advised not to consider the tariff as the only criterion, but instead to choose a translator who meets a combination of the set requirements and to obtain personal references about the quality of translations this person has already done in the specific genre and language pair.

Keywords: accreditation; quality assurance; quality standards; South African Language Practitioners' Council; translation; translation competence; translation practice

1. Inleiding¹

Die vertaalberoep in Suid-Afrika – soos in talle ander lande – is ongereguleerd. Dit beteken dat enigeen wat tweetalig is, sy of haar dienste as vertaler teen 'n fooi aan kliënte mag aanbied, ongeag of hy of sy enige ervaring of 'n kwalifikasie in vertaling het. Die enigste professionele organisasie in Suid-Afrika waar vertalers tans akkreditasie kan verwerf, is die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI). 'n Vertaler moet 'n spesifieke vlak van vertaalvermoë toon om die akkreditasie-eksamen te slaag. Hierdie akkreditasie is egter vrywillig en heelwat vertalers verkies om nie die akkreditasie-eksamen af te lê nie.²

Die feit dat die vertaalberoep ongereguleerd is, het onder andere tot gevolg dat daar nie standaardvereistes vasgestel is waaraan vertalers moet voldoen nie. Volgens Chesterman en Wagner (2002:37) het dit 'n negatiewe invloed op vertaling as profesie: "The professional status of translators is still so vague, so unprotected, that there are no adequate formal criteria separating competent professionals from incompetent amateurs: both groups can call themselves translators."

Sedert 2002 is daar heelwat in verskeie oorde gedoen om die professionele status van vertalers te verhoog – minimum standarde waaraan vertalers moet voldoen, is byvoorbeeld gestel. Enkele voorbeelde hiervan is Europese en Amerikaanse kwaliteitstandarde wat spesifiek vir die vertaalbedryf ontwikkel is (kyk afdeling 3.2); akademiese navorsingsprojekte oor vertaalvermoë in onder andere Spanje en Oostenryk (kyk afdeling 2); die American

Translators Association (ATA) wat hulle uitgebreide akkreditasiestelsel opnuut ondersoek en aanpas (Koby en Champe 2013; Koby en Melby 2013); die TransCert-projek wat ten doel het om 'n pan-Europese akkreditasiestelsel vir vertalers te ontwikkel (Budin, Krajcso en Lommel 2013); die ontwikkeling van 'n internasionale spesifikasie vir vertaalprojekte, naamlik ISO/TS 11669 (kyk afdeling 3.2); en die ontwikkeling van 'n internasionale weergawe van die Europese kwaliteitstandaard *EN 15038* (2006) (Budin e.a. 2013:145).

Ten spyte van al hierdie inisiatiewe is minimum vereistes vir vertalers nog nie gestandaardiseer nie. Hlavac (2013) het in 'n ondersoek na 21 lande se akkreditasiestelsels bevind dat standaarde heelwat verskil: sommige lande ken akkreditasie toe op grond van 'n eksamen, maar geen opleiding in vertaling word vereis nie, terwyl ander lande die klem op uitgebreide opleidingsprogramme in vertaling laat val. Die ontwikkeling van internasionale kwaliteitstandaarde is sekerlik 'n stap in die regte rigting, maar intussen weet baie kliënte steeds nie watter van die vele vereistes hulle aan vertalers moet stel ten einde te verseker dat hulle 'n vertaalprodukt van hoë gehalte ontvang nie (Chan 2013; Lommel 2013). Diplomas of grade in vertaling waarborg nie noodwendig goeie vertaalprodukte nie (Chesterman en Wagner 2002:36; Drugan 2013:70) en selfs die beste vertalers lewer nie deurgaans produkte van aanvaarbare gehalte nie (Drugan 2013:70). Kliënte weet dus nie of hulle 'n vertaler moet kies met 'n vertaaldiploma maar sonder ervaring in vertaling, of 'n vertaler met 20 jaar ervaring maar geen formele kwalifikasie in vertaling nie, of andersins 'n familielid met 'n graad in byvoorbeeld ekonomie en wat besonder goed tweetalig is nie.

Tweetaligheid word in die vertaalteorie beskou as 'n voorvereiste om vertaalvermoë te ontwikkel, maar dit word duidelik gestel dat tweetaligheid alleen nie voldoende is vir iemand om as 'n professionele vertaler te kwalifiseer nie (kyk bv. Angelelli 2009 en Presas 2000). Hierdie siening word ook in die Amerikaanse kwaliteitstandaard en die internasionale spesifikasie ISO beaam. Daar is wel diegene wat 'n klem plaas op die rol van onopgeleide vertalers, veral na aanleiding van die uitgebreide toepassing van masjienvertaling: Garcia (2009:199) voorspel “an approaching future in which translation may once again be the realm of the gifted amateur or keen bilingual subject specialist”. Aan die ander kant van die spektrum stel Gouadec (2007:xiii) die volgende hoë eise aan persone wat as vertalers wil praktiseer:

absolute linguistic proficiency, [...] perfect knowledge of the relevant cultural, technical, legal, commercial backgrounds, [...] full understanding of the subject matter involved, a gift for writing, an insatiable thirst for knowledge, [...] the stamina, thoroughness and sense of initiative needed to find any information (or informant) that might be required to fully understand that subject matter, [...] the ability to relate both effectively and smoothly – both professionally and personally – with numerous partners.

Een manier om leiding aan kliënte te gee oor die kriteria wat hulle kan toepas om 'n geskikte vertaler te vind, is om 'n statutêre liggaam te stig wat die vertaalberoep reguleer deur onder andere 'n verpligte akkreditasiestelsel in te stel. Dit is die doel van die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad wat op 14 Junie 2013 in die *Staatskoerant/Government Gazette* No. 36557 gepubliseer is. Hierdie Wetsontwerp is in Oktober 2013 in die parlement ter tafel gelê, die gewysigde weergawe is in Maart 2014 deur die Nasionale Vergadering goedgekeur (SAVI 2014:1), die President het dit daarna bekragtig en die amptelike stuk wetgewing – Wet 8 van 2014: Die Wet op die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad, 2014 – is op 19 Mei 2014 in die *Staatskoerant/Government Gazette* No. 37660 gepubliseer. Dit word in die vooruitsig gestel dat hierdie raad die registrasie en akkreditasie van taalpraktisyns in Suid-Afrika sal bestuur en sodoende die professionele status van taalpraktisyns sal verhoog

(DvKK 2013). Die raad moet dus onder andere besluit watter standaard daar aan professionele taalpraktisyns (soos vertalers) gestel behoort te word en aan die hand daarvan 'n akkrediteerinstansie ontwerp waaraan taalpraktisyns mettertyd sal moet voldoen.

Met hierdie navorsingsartikel poeg ek eerstens om vereistes wat aan vertalers gestel word, te identifiseer, soos dit voorkom (i) in die vertaalteorie (afdeling 2); (ii) by drie professionele vertaalorganisasies (afdeling 3.1); en (iii) in drie oorsese kwaliteitstandaarde (afdeling 3.2). Tweedens ondersoek ek vier van die vereistes wat in afdelings 2 en 3 beskryf word, in 'n empiriese studie. Afdeling 4 beskryf hierdie empiriese studie wat ten doel het om te bepaal of daar 'n verband is tussen die gehalte van die vertaalprodukt en die vier vereistes wat in afdelings 2 en 3 geïdentifiseer is, naamlik: (i) aantal jaar ervaring as voltydse vertaler; (ii) 'n akademiese kwalifikasie in vertaling; (iii) SAVI-akkrediteerinstansie; en (iv) die gebruik van 'n vertaalgeheueprogram soos Wordfast of SDL Trados. Met die empiriese studie wil ek dus probeer bepaal of voldoening aan hierdie vereistes as 'n voorspelling van hoë gehalte in vertaling kan dien.

2. Teoretiese blik op vertaalvermoë

Ten spyte van die talle pogings om vertaalvermoë te definieer en die vele debatte wat daarvoor gevoer word, is daar steeds nie een algemeen aanvaarbare definisie daarvoor nie. Beeby (2000b:185) beskryf vertaalvermoë as

a competence that is not yet fully defined, a competence that uses the most complex cognitive processes the human brain is capable of, a competence that combines a number of different sub-competencies that seem to *include the world, the universe and everything* and are intricately interrelated. (Beeby se beklemtoning)

Die meeste modelle wat poeg om vertaalvermoë te beskryf, deel vertaalvermoë in verskillende vaardighede op. Die modelle word toenemend kompleks, van byvoorbeeld Neubert (2000) se vyf vaardighede tot die EMT-model (EMT 2009) se ses vaardighede wat in nie minder nie as 48 stellings beskryf word (afdeling 2.3).

Pym (2003:488) kritiseer hierdie kompleksiteit: Volgens hom is 'n konsep van vertaalvermoë nodig wat vertaling en nêr vertaling definieer. Pym (2003:489) herhaal dan sy minimalistiese definisie van vertaalvermoë as "[t]he ability to generate a series of more than one viable target text (TT₁, TT₂ ... TT_n) for a pertinent source text (ST); [t]he ability to select only one viable TT from this series, quickly and with justified confidence".

Hoewel Pym erken dat vertalers ook heelwat ander kennis en vaardighede nodig het, plaas hy met hierdie definisie die klem op slegs die vermoë om geskikte vertaalprodukte daar te stel. Die probleem met hierdie fokus is egter dat studente nie weet hoe 'n geskikte vertaalprodukt daar uitsien nie en dat hierdie definisie geen leiding gee oor hóé 'n geskikte vertaalprodukt geskep word nie (Way 2008:90). Dit is dan ook die doel van talle vertaalvermoëmodelle: die beskrywing van spesifieke doelwitte wat bereik moet word om 'n geskikte vertaalprodukt te skep (waarvoor sekere vaardighede vereis word) ten einde kurrikula vir die opleiding van vertalers te verfyn.

Van die vroeëre vertaalvermoëmodelle waarin verskeie vaardighede beskryf word, is dié van Bell (1991), Gile (1995), Cao (1996) en Neubert (2000).³ Die fokus van hierdie navorsingsartikel val op drie van die mees onlangse vertaalvermoëmodelle, naamlik die

PACTE-model (PACTE 2003, 2005, 2008 en 2011), die TransComp-model (Göpferich 2009; Göpferich, Bayer-Hohenwarter, Prassl en Stadlober 2011) en die EMT-model (EMT 2009) wat ek hier onder in meer besonderhede bespreek.

2.1 Spanje: PACTE-model


PACTE (Process in the Acquisition of Translation Competence and Evaluation) is 'n navorsingsgroep aan die Outonome Universiteit van Barcelona. Die doel van die groep is om vertaalvermoë en die verwerwing daarvan in geskrewe vertaling te bestudeer. Die uiteindelijke doel van hierdie navorsing is om 'n stewige basis te vorm vir toekomstige kurrikulumontwerp en die ontwikkeling van die opleiding van vertalers (bv. leeruitkomst, metodologie en assessering) (PACTE 2008:104–5).

Een van die aspekte wat hierdie model van vorige vertaalvermoëmodelle onderskei, is dat dit op empiriese navorsing gebaseer is. Die groep het verskeie loodsstudies en eksperimente uitgevoer waarin hulle die hipoteses getoets en die resultate gevalideer het (kyk bv. Beeby 2000a; Beeby 2000b; Orozco 2000; PACTE 2008 en PACTE 2011).

PACTE se aanvanklike vertaalvermoëmodel is na aanleiding van die eerste empiriese studies hersien. Vertaalvermoë word dus nou beskou as die onderliggende kennisstelsel wat bestaan uit die verklarende en prosedurekennis wat nodig is om te vertaal. Dit het vier kenmerke (PACTE 2003:58–60; PACTE 2011:106–8):

- (i) Vertaalvermoë behels deskundigheid waaroor nie alle tweetalige persone beskik nie.
- (ii) Vertaalvermoë behels hoofsaaklik prosedure- eerder as verklarende kennis.
- (iii) Vertaalvermoë bestaan uit verskeie onderling verbonde subvaardighede.
- (iv) Soos in alle tipes prosedurekennis, is die strategiese komponent van vertaalvermoë besonder belangrik.

PACTE se vertaalvermoëmodel bestaan onder andere uit vyf vaardighede. Al hierdie vaardighede is in wisselwerking met mekaar gedurende die vertaalproses. Die strategiese vaardigheid is die belangrikste, aangesien dit die vertaalproses beheer deur die ander vaardighede te aktiveer wanneer nodig. Kyk figuur 1 vir 'n grafiese voorstelling van hierdie model (PACTE 2003:60).



Figuur 1. PACTE se vertaalvermoëmodel

Bo en behalwe die vyf vaardighede bestaan PACTE se model ook uit psigofisiologiese komponente wat beskryf kan word as verskillende tipes kognitiewe en ingesteldheidskomponente en psigomotoriese tegnieke. Dit sluit in kognitiewe komponente soos geheue, persepsie, aandag en emosie; aspekte soos intellektuele weetgierigheid, deurstellingsvermoë, 'n kritiese ingesteldheid, kennis van en selfvertroue in jou eie vermoëns en motivering; en vermoëns soos kreatiwiteit, logiese beredenering, ontleding en sintese. PACTE (2008:106–7) se vyf vaardighede word kortliks in tabel 1 beskryf.

Tabel 1. Vaardighede volgens PACTE se vertaalvermoëmodel

Vaardigheid	Beskrywing
Tweetaligheidsvaardigheid	Hoofsaaklik prosedurekennis wat vereis word om in twee tale te kommunikeer. Dit bestaan uit pragmatiese, sosiolinguistiese, tekstuele, grammatikale en leksikale kennis.
Ekstralinguistiese vaardigheid	Hoofsaaklik verklarende kennis, implisiet en eksplisiet, oor die wêreld in die algemeen, kennis van die bron- en doelkultuur, en kennis van die spesifieke vakgebied.
Kennis-oor-vertalingvaardigheid	Hoofsaaklik verklarende kennis, implisiet en eksplisiet, oor vertaling en aspekte van die professie. Dit bestaan uit kennis van hoe vertaling werk (vertaaleenhede, metodes en prosedures wat gebruik word en tipes probleme) en kennis van professionele vertaalpraktyk (bv. die vertaalbedryf, tipes vertaalopdragte en die doelgehoor).

Instrumentele vaardigheid	Hoofsaaklik prosedurekennis met betrekking tot die gebruik van onder andere inligtings- en kommunikasietegnologie wat op vertaling van toepassing is (bv. woordeboeke, ensiklopedieë, grammatikaboeke, stylgidse, parallelle tekste, elektroniese korpora en soekenjins).
Strategiese vaardigheid	Prosedurekennis om die doeltreffendheid van die vertaalproses te waarborg en om probleme op te los. Dit is die belangrikste vaardigheid en word gebruik om die proses te beplan en die vertaalprojek uit te voer (deur die beste metode te kies), om die proses en voorlopige uitkomst met betrekking tot die finale doel te evalueer, om die verskillende vaardighede te aktiveer en vir enige tekortkominge te vergoed, en om vertaalprobleme te identifiseer en prosedures toe te pas wat daardie probleme sal oplos.

In die empiriese studie wat in afdeling 4 beskryf word, moes die vertalers oor die tweetaligheidsvaardigheid met betrekking tot Engels (die brontaal) en Afrikaans (die doeltaal) beskik. Die vertalers se ekstralinguistiese vaardigheid is ten toon gestel in hulle gebruik van die terminologie in die vakgebied geskiedenis. Aangesien ek 'n vertaalopdrag aan die vertalers gegee het waarin die doelgehoor gespesifiseer word (kyk afdeling 4.4), moes hulle die kennis-oor-vertaling-vaardigheid gebruik om die besonderhede van die vertaalopdrag in die doelteks te laat realiseer. PACTE se term *instrumentele vaardigheid* kan verwarring veroorsaak – die term *hulpmiddele-en-navorsing-vaardigheid* wat in die TransComp-model gebruik word (kyk afdeling 2.2), is veel duideliker: die vertalers in die empiriese studie kon byvoorbeeld die internet gebruik om soektogte te doen om Afrikaanse ekwivalente vir terme te vind; hulle kon ook ander vraestelle (parallelle tekste) raadpleeg om die betrokke universiteit se konvensies met betrekking tot die vraestel as genre vas te stel. Die vertalers se strategiese vaardigheid is ten toon gestel in die mate waarin hulle geslaag het om die vertaalprobleme op te los. Hulle strategiese vaardigheid moes verder blyk uit die algehele gehalte van die vertaalproduk wat hulle gelewer het.

Die volgende fase in PACTE se navorsing handel oor die verwerwing van vertaalvermoë, 'n aspek wat ook in Oostenryk aandag geniet, in besonder die TransComp-model, wat onder andere op die PACTE-model gebaseer is.

2.2 Oostenryk: TransComp-model


Die TransComp-projek by die Universiteit van Graz is een van slegs enkele longitudinale empiriese studies oor vertaalvermoë. Volgens Göpferich e.a. (2011:59–60) is die vertaalvermoëmodel wat in die TransComp-studie gebruik word, ontwikkel op grond van Hönig (1991 en 1995) se model van 'n ideale vertaalproses (kyk Göpferich 2009:13–7 vir 'n beskrywing van Hönig se model) en PACTE se vertaalvermoëmodel (PACTE 2003, 2005).

In die TransComp-model (Göpferich 2009:20–2) word 'n onderskeid tussen ses verskillende vaardighede getref (kyk figuur 2), naamlik:

(i) Kommunikatiewe vaardigheid in minstens twee tale: dit stem ooreen met PACTE se tweetaligheidsvaardigheid.

- (ii) Domein-vaardigheid: dit stem ooreen met PACTE se ekstralinguistiese vaardigheid.
- (iii) Hulpmiddele-en-navorsing-vaardigheid: dit stem ooreen met PACTE se instrumentele vaardigheid.
- (iv) Vertaalroetineaktiveringsvaardigheid: dit bestaan uit die kennis en die vaardigheid om vertaaltegnieke toe te pas ten einde aanvaarbare doeltaalekwivalente te vind.
- (v) Psigomotoriese vaardigheid: dit behels die psigomotoriese vermoëns wat vir lees en skryf met elektroniese hulpmiddele vereis word. Hoe beter hierdie vaardigheid ontwikkel is, hoe minder kognitiewe kapasiteit word daarvoor vereis en hoe meer kapasiteit is vir ander kognitiewe take beskikbaar. As vertalers byvoorbeeld baie goed rekenaarvaardig is, hoef hulle nie soveel aandag aan daardie spesifieke aksies te skenk nie en het hulle meer kognitiewe kapasiteit beskikbaar om aan vertaalprobleme te spandeer.
- (vi) Strategiese vaardigheid: dit stem ooreen met PACTE se strategiese vaardigheid. In die TransComp-model word dit beskryf as 'n metakognitiewe vaardigheid wat die ander vaardighede beheer en toepas waar nodig en só 'n strategie volg om die vertaaltaak suksesvol af te handel. Göpferich (2009) voeg by dat die mate waarin hierdie strategie gevolg word, afhang van vertalers se strategiese vaardigheid sowel as hulle motivering vir die spesifieke taak. Dit kan intrinsieke motivering (bv. liefde vir vertaling) en/of ekstrinsieke motivering (bv. vergoeding) behels.

Die wyse waarop hierdie vaardighede gebruik word, word bepaal deur drie faktore wat die TransComp-model begrond, naamlik (i) die vertaalopdrag en vertaalnorme; (ii) die vertaler se selfbegrip en professionele etos (wat deur teoretiese opleiding en praktiese vertaalkursusse beïnvloed word), en (iii) die vertaler se psigofisiese geaardheid (bv. intelligensie, ambisie, deursettingsvermoë en selfvertroue) (Göpferich 2009:22). Hierdie drie faktore en die vaardighede wat deel van die TransComp-model vorm, word in figuur 2 uitgebeeld (Göpferich 2009:20).



Figuur 2. Die TransComp-vertaalvermoëmodel

Volgens Göpferich e.a. (2011:60) behels drie van hierdie vaardighede “the main translation-specific competencies in which translation competence differs from the competence of bilinguals with no specific training in translation”, naamlik die hulpmiddele-en-navorsingvaardigheid, die vertaalroetineaktiveringsvaardigheid en die strategiese vaardigheid. Hierdie drie vaardighede word as veranderlikes in die TransComp-projek se empiriese longitudinale studies ondersoek om die vertaalvermoëmodelle te verfyn en spesifiek meer oor die verwerwing van vertaalvermoë uit te vind sodat vertaalopleiding verbeter kan word (Göpferich e.a. 2011:59).

In teenstelling met die TransComp- en PACTE-model waar die strategiese vaardigheid die sentrale punt vorm, word die fokus in die EMT-model na die vertaaldienstlewingsvaardigheid verskuif en is hierdie model meer praktykgerig.

2.3 Europa: EMT-model

Ongeveer 6 000 voltydse vertalers en tolke, en veel meer vryskut-taalpraktisyns, is in die Europese Unie se diens (Chodkiewicz 2012:37). Dit maak die Europese Unie een van die hoofwerkgevers vir vertalers met daarom ’n besondere belang in die wyses waarop gehalte in die vertaalbedryf bewerkstellig kan word. Hulle fokus is op opleiding in vertaling: die EMT-projek is van stapel gestuur om voorstelle te maak vir ’n Europese meesterskwalifikasie (European Master’s in Translation – EMT) met die spesifieke doel om die volgende tot stand te laat kom:

(i) “a generic description of the tasks and competences of translators to match the needs of the translation industry and public bodies, such as the EU institutions”; en

(ii) “a draft of a European model curriculum that addresses these requirements and could thereby enhance the status and quality of the translation profession”. (EMT 2009:1)

Een van die groepe wat deur die Europese Unie se taaldiens, die Directorate-General for Translation, gestig is om hierdie take te vervul, is die EMT-groep. Hierdie groep sluit onder andere erkende spesialiste aan universiteite in wie se doelwit was om vertaalkurrikula verder te ontwikkel. ’n Kongres oor die professionalisering van vertaling is bygewoon deur akademië van bykans 70 hoëronderrigsinstitusies in die Europese Unie asook internasionale organisasies soos die Verenigde Nasies en die Organisation for Economic Cooperation and Development (OECD) (EMT 2009:2). Die EMT-groep het nie empiriese navorsing gedoen nie, maar na aanleiding van hierdie kongres, verdere werkgroepe en navorsing oor die teorie van vertaalvermoë, het die groep ’n lys beskikbaar gestel waarin vaardighede beskryf word waarvoor studente teen die einde van die vertaalopleiding behoort te beskik (Chodkiewicz 2012:38).

Die EMT-groep definieer *vermoë* (*competence*) as “the combination of aptitudes, knowledge, behaviour and know-how necessary to carry out a given task under given conditions” en spesifiseer (soos PACTE en die TransComp-projek) dat die vaardighede in die ses areas wat hulle geïdentifiseer het, onderling verbonde is met mekaar (EMT 2009:3). Kyk figuur 3 vir ’n grafiese voorstelling van hierdie model (EMT 2009:4).



Figuur 3. Die EMT-groep se vertaalvermoëmodel

Die EMT-groep maak hierdie ses areas van vertaalvermoë prakties toepasbaar deur verskeie definisies of komponente te beskryf wat direk van toepassing is op die vertaalpraktiek. Aangesien daar nie minder nie as 48 van hierdie komponente beskryf word, gee ek slegs ’n uittreksel in tabel 2. (Die volledige lys is beskikbaar by EMT 2009:4–7.)

Tabel 2. 'n Gedeelte van die EMT-model

Vaardigheid	Definisie/Komponente
Vertaaldienleweringstvaardigheid	<p style="text-align: center;">Interpersoonlike aspekte</p> <ul style="list-style-type: none"> - Beplan en bestuur jou tyd, stres, begroting en voortgesette opleiding om die verskeie vaardighede te ontwikkel - Voldoen aan ooreengekome vereistes t.o.v. opdragte, sperdatums, interpersoonlike vaardighede en spanorganisasie - Voldoen aan professionele etiese verwagtinge
	<p style="text-align: center;">Produksie-aspekte</p> <ul style="list-style-type: none"> - Skep en bied 'n gepaste vertaling volgens die kliënt se versoek deur o.a. die doel van die vertaling en die vertaalsituasie in ag te neem - Definieer en evalueer vertaalprobleme en vind toepaslike oplossings daarvoor - Weet hoe om jou vertaalkeuses en -besluite te regverdig
Taalvaardigheid	<ul style="list-style-type: none"> - Begryp die grammatikale, leksikale en idiomatiese strukture sowel as die grafiese en tipografiese konvensies van die bron- en doeltaal van die dokument - Gebruik hierdie strukture en konvensies doeltreffend in die bron- en doeltaal van die dokument - Ontwikkel 'n sensitiwiteit vir veranderinge en ontwikkelinge in taal
Interkulturele vaardigheid	<p style="text-align: center;">Sosiolinguistiese aspekte</p> <ul style="list-style-type: none"> - Identifiseer die funksie en betekenis in taalvariasies (gegrond op bv. sosiale, geografiese, historiese en stilistiese faktore) - Gebruik 'n register toepaslik in 'n gegewe situasie vir 'n spesifieke dokument
	<p style="text-align: center;">Tekstuele aspekte</p> <ul style="list-style-type: none"> - Begryp en ontleed die makrostruktuur en samehang van 'n dokument - Skep 'n dokument ooreenkomstig die spesifieke genre

Inligtingsverkrygingsvaardigheid	<ul style="list-style-type: none"> - Ontwikkel strategieë vir navorsing (bv. om tekste soos woordeboeke asook kenners op die spesifieke vakgebied te raadpleeg) - Gebruik hulpmiddele en soekenjins doeltreffend (bv. terminologie-sagteware, elektroniese korpora en elektroniese woordeboeke)
Tematiese vaardigheid	<ul style="list-style-type: none"> - Leer om jou eie kennis in spesialisvelde te ontwikkel - Ontwikkel 'n ingesteldheid van weetgierigheid, analise en sintese
Tegnologiese vaardigheid	<ul style="list-style-type: none"> - Gebruik 'n reeks sagteware doeltreffend om jou in jou vertaaltaak by te staan, bv. die internet, terminologie-databasisse en vertaalgeheueprogramme - Weet wat die moontlikhede en die beperkinge van masjienvertaling is

Hoewel daar kritiek uitgespreek is teen die EMT-model se soms haarfyn besonderhede (Chodkiewicz 2012:41; Koby en Melby 2013:200), is een van die voordele van hierdie model dat dit wys hoeveel uiteenlopende eise daar deesdae aan vertalers gestel word (Schmitt 2012:30). Dit is nie meer goed genoeg om net 'n vertaalproduk van hoë gehalte te lewer nie – die dienslewering self speel 'n sentrale rol in hierdie model (bv. die nakoming van die spesifieke vertaalopdrag); die belangrikheid van voortgesette opleiding word genoem; en so ook dat vertalers op die hoogte van sake moet bly ten opsigte van tegnologie, byvoorbeeld die moontlikhede en beperkinge van masjienvertaling.

Pym (2003:482) haal Wolfram Wills (1976:119) aan wat erken dat dit moeilik is om die minimum kwalifikasie vir professionele vertalers te bepaal, aangesien vertaalvermoë heel moontlik ondefinieerbaar is. Na aanleiding van die kort bespreking van drie van die mees onlangse vertaalvermoëmodelle in hierdie afdeling, asook aanhalings van akademië soos Goudec (2007:xiii) in afdeling 1 en Beeby (2000b:185) in afdeling 2, kan bevestig word dat Wills se stelling van bykans 40 jaar gelede grotendeels nog steeds waar is. Akademië is dit wel eens dat vaardighede ten opsigte van die bron- en doeltaal, vakkennis en tegnologie deel behoort te wees van 'n vertaalvermoëmodel, maar die debat duur voort oor hoe elke vaardigheid gedefinieer moet word en watter ander vaardighede in berekening gebring moet word.

Die vertaalpraktyk kan egter nie wag totdat daar eenstemmigheid in die vertaalteorie bereik is nie. Ek het derhalwe ondersoek ingestel na watter minimum vereistes, indien enige, daar in die vertaalpraktyk deur drie professionele vertaalorganisasies asook drie kwaliteitstandaarde gestel word aan persone wat as vertalers wil praktiseer, en wat as 'n moontlike aanduiding kan dien van die gehalte werk wat die kliënt behoort te kan verwag.

3. Vertaalvermoë in die praktyk

Twee roetes wat kliënte kan volg om die hoë gehalte van 'n vertaling te verseker, is om 'n professionele vertaalorganisasie te kontak ten einde 'n geskikte vertaler op te spoor, of om 'n vertaaldiensverskaffer te gebruik wat aan die vereistes van 'n kwaliteitstandaard soos die internasionale ISO-reeks voldoen. Die vereistes wat in drie oorsese kwaliteitstandaarde aan vertalers gestel word, word in afdeling 3.2 beskryf. Die rol van drie professionele vertaalorganisasies in gehalteversekering, hetsy deur etiese kodes, akkreditasiestelsels of ondersteuning aan hulle lede in die vorm van werksessies in professionele vertaalvaardighede, word in afdeling 3.1 onder die loep geneem.

3.1 Professionele organisasies

3.1.1 SAVI – Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut

Die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI) is 'n vrywillige professionele organisasie vir persone of entiteite wat op die gebied van vertaling, tolking, teksredigering en terminologie werk of daarin belangstel (SAVI 2009:3).

Een van SAVI se doelwitte is om uitnemendheid in vertaling en verwante velde te bevorder. 'n Meer spesifieke doelwit word soos volg uitgedruk: "om deur akkreditasie en 'n etiese kode hoë professionele standaarde onder sy lede te verseker" (SAVI 2007c). Daar word nie van lede verwag om spesifieke kwalifikasies te hê nie, maar wel dat hulle hul aan die organisasie se etiese kode sal onderwerp (SAVI 2009:3).

In die etiese kode vir individuele lede word daar nie minimum vereistes ten opsigte van vertaalvermoë gestel nie. Daar word wel van lede verwag om die beste moontlike gehalte na te streef wat betref die akkurate oordrag van die boodskap, korrekte terminologie, taal en styl. Verder is die verwagting "[o]m voortdurend te strew na selfverbetering ten einde die gehalte van hulle werk te verhoog" (SAVI s.j.a).

Voortgesette professionele ontwikkeling word in die EMT-vertaalvermoëmodel genoem as 'n manier om alle vaardighede in die model te ontwikkel (kyk afdeling 2.3, tabel 2) en die ander twee professionele vertaalorganisasies wat in hierdie afdeling genoem word, beskik oor stelsels wat hulle lede aanmoedig om aan aktiwiteite deel te neem waar hulle professionele vaardighede verbeter word.

SAVI se akkreditasie is vrywillig, met ander woorde nie alle lede is geakkrediteer nie. Akkreditasie word verkry deur 'n eksamen af te lê; akademiese kwalifikasies word glad nie in ag geneem nie. Vertalers moet dus hulle vertaalvermoë in die spesifieke taalkombinasie in 'n praktiese eksamen ten toon stel. Volgens SAVI word hulle akkreditasie slegs op 'n professionele vlak aangebied, wat beteken dat die moeilikheidsgraad hoog is, dat heelwat kandidate nie die eksamen slaag nie en spesifiek dat ervaring as 'n voltydse vertaler prestasie in die akkreditasie-eksamen beïnvloed: "[I]t is rare for candidates without a reasonable amount of experience to pass the exams" (SAVI 2007a). Voldoende ervaring as voltydse vertaler word ook deur ATA en CIOL beklemtoon, hoewel nie een organisasie spesifiseer hoëvél ervaring voldoende is nie.

SAVI stel dit duidelik dat die akkreditasie se doel is om vertalers se vaardigheid te toets en nie hulle potensiaal nie: "Accreditation means that the translator should be able to produce a nearly flawless translation that a client or publisher would be able to use without any further

editing or adjustment” (SAVI 2001). Dit beteken dat vertalers wat SAVI-akkreditasie het, reeds bewys gelewer het dat hulle in staat is om vertalings van hoë gehalte te skep en dat die kliënt SAVI-akkreditasie moontlik as ’n voorspelling van die gehalte werk sou kon sien. Hierdie moontlike verband is in die empiriese studie ondersoek wat in afdeling 4 beskryf word.

3.1.2 ATA – American Translators Association

Die American Translators Association (ATA) is die grootste professionele organisasie van vertalers en tolke in die VSA (ATA 2013b). Een van hulle hoofdoelwitte is om vertalers en tolke in hulle professionele ontwikkeling te ondersteun en op hierdie wyse die vertaal- en tolkprofessie te bevorder (ATA 2013b). Nog een van hulle doelwitte, wat hierby aansluit, is om standaarde vir vaardigheid en etiek te bepaal (ATA 2013a).

Die ATA se akkreditasiestelsel is ontwerp om vertaalvermoë te evalueer aan die hand van riglyne wat die huidige professionele vertaalpraktyk weerspieël (ATA 2009b). Lede moet aan een van die volgende vereistes voldoen en moet bewys daarvan lewer alvorens hulle die akkreditasie-eksamen mag aflê (ATA 2013d):

(i) Akkreditasie by ’n professionele organisasie wat lid is van FIT (Fédération Internationale des Traducteurs oftewel International Federation of Translators). SAVI is wel lid van FIT.

(ii) ’n Graad of sertifikaat in vertaling of tolking aan ’n opleidingsinstansie wat deur die ATA goedgekeur is. Vier Suid-Afrikaanse universiteite is op hierdie goedgekeurde lys: die Universiteit van Johannesburg, die Universiteit Stellenbosch, die Universiteit van Suid-Afrika en die Universiteit van die Witwatersrand (ATA 2013e).

(iii) Minstens ’n BA-graad (in enige veld) asook ’n minimum van twee jaar ervaring as voltydse vertaler.

(iv) ’n Minimum van vyf jaar ervaring as voltydse vertaler.

(v) ’n Toetsuitslag van minstens “Advanced Low” in die American Council on the Teaching of Foreign Language (ACTFL) se leesvaardigheidstoets in die brontaal en ACTFL se skryfvaardigheidstoets in die doeltaal.

Die ATA se akkreditasie-eksamen word nie elektronies afgelê soos SAVI s’n nie; daar word van kandidate verwag om ’n handgeskrewe eksamen by ’n spesifieke eksamenlokaal af te lê. Die doel van die eksamen is om te bepaal of kandidate in staat is om hulle vertaalvaardighede aan te wend ten einde ’n vertaling te skep wat in ’n professionele konteks en binne die gegewe vertaalopdrag bruikbaar is (ATA 2009a). Die spesifieke vaardighede wat getoets word, sluit in of die doelteks aan die vertaalopdrag voldoen, of die inhoud en doel van die bronteks akkuraat oorgedra is, of dit duidelik is in die doelteks dat verskeie vertaalstrategieë suksesvol gevolg is om vertaalprobleme op te los, en of die taalgebruik in die doelteks idiomaties is (ATA 2009a).

In vergelyking met SAVI, wat ’n “bykans foutlose” vertaling van kandidate vereis (SAVI 2001), blyk die ATA se standaard wat betref die slaagpunt van die eksamen laer te wees en word dit beskryf as “a level of obvious competence with some room for growth” (ATA 2009a).

Een aspek wat deur SAVI genoem word, maar nie soos by die ATA en CIOL deel vorm van die akkrediteerinstelsel nie, is dié van voortgesette professionele ontwikkeling. Bo en behalwe die akkrediteer-eksamen behels die ATA se akkrediteerinstelsel ook die vereiste dat geakkrediteerde vertalers hul op die gebied van vertaling professioneel verder ontwikkel. Die stelsel behels dat geakkrediteerde lede oor die verloop van drie jaar bewys moet lewer dat hulle ongeveer 20 uur se opleiding ondergaan het (ATA 2013c), anders verbeur hulle hul akkrediteerinstelsel (ATA 2006). Voortgesette professionele ontwikkeling sluit byvoorbeeld in om kursusse by te woon, referate by kongresse aan te bied, artikels te skryf, werksessies te ontwikkel en aan te bied, gratis dienste aan organisasies te verskaf, en as mentor in die ATA se mentorprogram op te tree (ATA s.j.).

Die doel van ATA se voortgesette professionele ontwikkeling word soos volg gestel:

Continuing Education (CE) is an integral aspect of ATA's mission to help all of its members provide high quality translation, demonstrate an ongoing commitment to the profession, and educate clients and the public about the translation and interpreting professions. (ATA s.j.)

3.1.3 CIOL – Chartered Institute of Linguists

Die Chartered Institute of Linguists (CIOL) is 'n internasionale professionele organisasie vir taalkundiges (CIOL 2013a) wat in die Verenigde Koninkryk gebaseer is. Een van CIOL se doelwitte is “to provide nationally accredited and other professional qualifications and set standards for language practitioners” (CIOL 2013a).

In teenstelling met SAVI en ATA word daar minimum standaarde gestel aan persone wat wil lid word van CIOL. Sodanige persone moet bewys kan lewer van 'n akademiese kwalifikasie asook praktiese ervaring: óf (i) 'n graad in tale/vertaling/tolking en drie jaar voltydse professionele ervaring, óf (ii) 'n nagraadse kwalifikasie in tale/vertaling/tolking en een jaar voltydse professionele ervaring (CIOL s.j.b:3–4). Daar word verder gestipuleer dat indien 'n kwalifikasie meer as 12 jaar gelede verwerf is, die aansoeker bewys moet lewer van sy of haar huidige taalvaardigheid deur byvoorbeeld 'n eksamen af te lê (CIOL s.j.b:2).

Dit is duidelik dat CIOL voortgesette professionele ontwikkeling hoog aanslaan: “The Institute recognises the growing importance of continuing professional development (CPD) as ever-higher standards of competence and performance are required in the profession” (CIOL s.j.b:2). Lede word dus aangemoedig om jaarliks 'n rekord van hulle bedrywighe in hierdie verband aan die organisasie te stuur (CIOL s.j.a). Van die werksessies wat CIOL self vir hulle lede in 2014 aanbied, handel oor literêre vertaling, besigheidsbeginsels vir 'n vryskutvertaler (o.a. bemaking en finansiële bestuur) en opleiding in die gebruik van vertaalgeheueprogramme soos SDL Trados (CIOL 2013b).

CIOL bied nie 'n akkrediteer-eksamen nie, maar wel 'n diploma in vertaling wat 'n nagraadse kwalifikasie is en sterk praktykgerig is (CIOL 2011:5). Dit is 'n internasionaal-aanvaarde kwalifikasie wat in meer as 30 tale en 35 lande afgelê kan word (CIOL 2013c). Net soos SAVI en ATA, rig CIOL die waarskuwing dat ervaring in vertaling nodig is om hierdie eksamen te slaag: “It must be stressed that candidates, even those holding a degree in languages, generally require additional experience or training” (CIOL 2011:5).

Dit blyk uit die kort beskrywing van SAVI, ATA en CIOL se vereistes aan vertalers dat 'n kombinasie van teoretiese opleiding en praktiese vertaalervaring deur die organisasies as belangrik beskou word, asook die slaag van 'n akkrediteer-eksamen as aanduiding van

vertaalvaardigheid en aksies wat vertalers se voortgesette professionele ontwikkeling bewerkstellig. Hierdie vereistes weerklink ook in die drie kwaliteitstandaarde wat in afdeling 3.2 bespreek word.

3.2 Oorsese kwaliteitstandaarde

Een manier om 'n produk van hoë gehalte te verseker, is om aan vereistes te voldoen wat deur 'n standaardiseringsliggaam soos die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) opgestel is. 'n Voorbeeld van internasionale kwaliteitstandaarde wat ook in Suid-Afrika gebruik word, is die Internasionale Organisasie vir Standaardisasie (ISO) se *ISO 9000*-standaarde wat vir die vervaardigingsbedryf ontwerp is. Die doel van hierdie kwaliteitstandaarde is nie om die produk te assesser nie, maar om 'n gehalteversekeringsproses te beskryf wat gevolg moet word en wat tot 'n produk van hoë gehalte behoort te lei.

Hoewel hierdie kwaliteitstandaarde deur sommige vertaaldienersverskaffers toegepas word, is daar ander kwaliteitstandaarde spesifiek vir die lewering van vertaaldienste ontwerp. Volgens Chesterman en Wagner (2002:84) is hierdie kwaliteitstandaarde voordelig vir die vertaalbedryf, omdat dit 'n poging is "to regulate what is still an unregulated profession, and to introduce some quality safeguards for both clients and translators". Hierdie woorde eggo die doel van die nuwe Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad. Aangesien die SABS nie oor 'n kwaliteitstandaard vir vertaling beskik nie, kan dit oorweeg word om oorsese kwaliteitstandaarde in hierdie verband in Suid-Afrika toe te pas. Die keuse van 'n geskikte vertaler vir die spesifieke werksopdrag, met ander woorde die besluit oor watter vermoëns en vaardighede die vertaler behoort te beskik, kan onder andere deur 'n kwaliteitstandaard in vertaling bepaal word.

Drie kwaliteitstandaarde wat spesifiek vir die vertaalbedryf ontwikkel is, is die European Committee for Standardization se *EN 15038 Translation services – Service requirements* (2006), die Amerikaanse organisasie ASTM International⁴ se *ASTM F2575 Standard guide for quality assurance in translation* (2006) en die International Organization for Standardization se *ISO/TS 11669 Translation projects – General guidance* (2012).⁵

Net soos die vertaalteorie (kyk bv. Angelelli 2009 en Presas 2000), die drie vertaalvermoëmodelle wat in afdeling 2 bespreek is en die drie professionele vertaalorganisasies wat in afdeling 3.1 aandag gekry het, is al drie hierdie kwaliteitstandaarde dit eens dat 'n vertaler oor meer vaardighede as net tweetaligheid moet beskik. In tabel 3 volg 'n opsomming van die kennis en vaardighede wat wel in elke standaard vereis word. Die kennis en vaardighede is nie in 'n volgorde van belangrikheid gerangskik nie.

Tabel 3. Kennis en vaardighede waarvoor vertalers behoort te beskik volgens drie oorsese kwaliteitstandaarde

Kennis en vaardighede ten opsigte van:	EN 15038	ASTM F2575	ISO/TS 11669
Brontaal	✓	✓	✓
Doeltaal	✓	✓	✓

Vertaalprosesse en die oplos van vertaalprobleme	✓	✓	✓
Vlakke van vertaling (bv. afgeronde vertaling vir publikasie of 'n rowwe vertaling slegs vir inligtingsdoeleindes)	✓	✓	
Vertaalopdrag (ontleed en lewer 'n produk wat aan die kliënt se spesifikasies voldoen)	✓	✓	✓
Vakgebied		✓	✓
Tekstipes (bv. bemerkingsmateriaal of jaarverslag)	✓	✓	✓
Navorsing (om die nodige inligting te bekom om die vertaling te doen)	✓		✓
Kulturele aspekte	✓		✓
Tegnologie (bv. internetsoektogte, e-pos, woordverwerkingsprogramme, terminologie-databasisse, en vertaalgeheueprogramme)	✓	✓	✓
Voortgesette professionele ontwikkeling	✓	✓	✓

Leesvaardigheid in die brontaal en skryfvaardigheid in die doeltaal word spesifiek genoem, hoewel die kliënt daarop moet let dat die vertaler 'n hoë vaardigheidsvlak ook in die brontaal moet hê om byvoorbeeld fynere nuanses in dié taal te verstaan. Die vertaler gebruik kennis en vaardighede ten opsigte van vertaalprosesse en die oplos van vertaalprobleme om die bronteks se boodskap na die doelteks oor te dra. Die spesifieke vlak van vertaling wat die kliënt nodig het, kan in die vertaalopdrag gespesifiseer word. *ASTM F2575* (par. 6.5) noem byvoorbeeld afgeronde vertaling (dokumente soos 'n jaarverslag wat gepubliseer gaan word, of regskontrakte) teenoor vertaling vir inligtingsdoeleindes (bv. 'n rowwe vertaling van 'n navorsingsartikel sodat die kliënt kan bepaal of daar 'n afgeronde vertaling gedoen moet word). Nog inligting wat in die vertaalopdrag gegee kan word, is besonderhede oor die teikenlesers, byvoorbeeld of hulle kundiges of leke op die betrokke vakgebied is, en of die doeltaal hulle eerste of tweede taal is.

Kennis van die vakgebied sal die vertaler veral help met terminologie en om die boodskap van die bronteks ten volle te begryp. Kennis van die verskillende konvensies wat in verskillende tekstipes gevolg behoort te word, loop hand aan hand met die vakgebied. Volgens *EN 15038* behels vaardighede in navorsing onder andere “the ability to efficiently acquire the additional linguistic and specialised knowledge necessary to understand the source text and to produce the target text” (par. 3.2.2c). Die vertaler moet verder bewus wees van enige verskille tussen die bron- en doelkultuur, sodat byvoorbeeld die waardestelsel van die doelkultuur in die vertaling weerspieël word. In hierdie tegnologiese era moet die vertaler op die hoogte bly van nuwe verwickelinge en hoe tegnologie die vertaaltaak kan vergemaklik, byvoorbeeld kennis van die voordele en beperkinge van masjienvertaling wat in die EMT-vertaalvermoëmodel genoem word (kyk afdeling 2.3) en die gebruik van vertaalgeheueprogramme soos SDL Trados en Wordfast.

Voortgesette professionele ontwikkeling is baie belangrik in die vertaalbedryf juis omdat taal voortdurend verander. (Kyk afdeling 3.1, waar hierdie aspek deur professionele vertaalorganisasies beklemtoon word.) Die kliënt behoort inligting in te win, soos hoe lank gelede 'n vertaler 'n organisasie se akkrediteringseksamen geslaag het en wat daardie vertaler sedertdien gedoen het om professioneel verder te ontwikkel. In die praktyk is daar egter selde tyd hiervoor en sal dit die kliënt help om te weet dat die professionele vertaalorganisasie voortgesette professionele ontwikkeling van hulle geakkrediteerde lede vereis, soos in die ATA se geval (kyk afdeling 3.1.2).

Die drie kwaliteitstandaarde gee verdere riglyne om die kliënt te help om 'n geskikte vertaler te kies en noem kwalifikasies en ervaring wat aanduidings van 'n vertaler se kennis en vaardighede kan wees. 'n Opsomming hiervan, nie in 'n volgorde van belangrikheid gerangskik nie, volg in tabel 4.

Tabel 4. Moontlike aanduidings van 'n vertaler se kennis en vaardighede volgens drie oorsese kwaliteitstandaarde

Moontlike aanduidings van vaardighede	EN 15038	ASTM F2575	ISO/TS 11669
Taalvermoë: resultate van gestandaardiseerde taalvaardigheidstoetse soos die Test of English as a Foreign Language (TOEFL)		✓	✓
Taalvermoë: aantal jaar studie aan 'n hoërondewysinstelling en erkende graad in die bron- en/of doeltaal verwerf		✓	✓
Taalvermoë: aantal jaar verblyf in die lande waar die bron- en/of doeltaal die dominante taal is	✓		✓
Taal- en vertaalvermoë: aantal jaar bewese ervaring as 'n professionele vertaler in die spesifieke taalkombinasie	✓	✓	✓
Vertaalvermoë: akkreditasie by 'n professionele vertaalorganisasie		✓	✓
Vertaalvermoë: 'n erkende graad in vertaling aan 'n hoërondewysinstelling	✓	✓	✓
Vertaalvermoë: persoonlike verwysings met betrekking tot gehalte van vorige werk	✓		✓
Vertaalvermoë: voorbeelde van vorige vertaalwerk	✓		✓
Vakgebied: aantal jaar studie aan 'n hoërondewysinstelling en erkende graad in die betrokke vakgebied verwerf	✓	✓	✓

Die aard en kompleksiteit van die vertaling sal bepaal watter vereistes die kliënt aan die betrokke vertaler gaan stel. 'n Informele brief kan byvoorbeeld uit Engels in Frans vertaal word deur 'n Engelssprekende persoon wat reeds tien jaar in Frankryk bly. 'n Amptelike brief van een minister aan 'n ander wat uit Engels in Frans vertaal moet word, moet egter deur 'n persoon gedoen word met 'n graad in vertaling asook minstens vyf jaar bewese ervaring as 'n professionele vertaler (volgens *EN 15038*, par. 3.2.2), en wat verkieslik reeds 'n aantal jaar in die doeltaalkultuur woon. Die kliënt kan dus 'n produk van hoër gehalte verwag as die vertaler voldoen aan 'n kombinasie van die moontlike aanduidings van vermoëns wat in tabel 4 genoem word.

Een van die eerste en belangrikste stappe ten einde die gehalte van 'n vertaalproduk te verseker, is om 'n geskikte vertaler vir die betrokke situasie te kies. Vereistes ten opsigte van vaardighede waarvoor vertalers behoort te beskik, is in afdeling 2 in teoretiese vertaalvermoëmodelle geïdentifiseer en heelwat van hierdie vereistes word ook in die praktyk gestel, soos genoem in afdeling 3.1 oor die rol van professionele vertaalorganisasies in gehalteversekering en in afdeling 3.2 wat die vereistes aan vertalers in oorsese kwaliteitstandaarde uiteensit.

Van die vereistes, byvoorbeeld ten opsigte van opleiding, ervaring, akkreditasie en rekenaarvaardigheid, weerklink herhaaldelik in die teorie en praktyk en word ook bevestig as van die belangrikste vereistes in 'n opname oor gehalteversekering in die vertaalbedryf wat in Noord-Amerika gedoen is:

In general, the agencies represented by these participants favor employing translators with academic degrees, with professional accreditation, and with three and a half years of professional experience. They also prefer up-to-date computer equipment. (Arango-Keeth en Koby 2003:124)

Ek het die moontlike invloed van hierdie vereistes op die gehalte van die vertaalproduk in 'n empiriese studie in Suid-Afrika ondersoek.

4. Empiriese ondersoek

Verskeie vereistes wat aan vertalers gestel word, is in die vorige afdelings uiteengesit en die oorsese kwaliteitstandaarde wat in afdeling 3 bespreek is, gee moontlike aanduidings van 'n vertaler se vaardighede. Die kliënt wat 'n teks wil laat vertaal, weet egter nog steeds nie watter van hierdie aanduidings die grootste invloed op die gehalte van die vertaling gaan hê nie.

'n Moontlike verband tussen die gehalte van 'n vertaling en vier vereistes wat in afdelings 2 en 3 geïdentifiseer is, word in hierdie empiriese studie ondersoek: (i) aantal jaar ervaring as voltydse vertaler; (ii) 'n akademiese kwalifikasie in vertaling; (iii) SAVI-akkreditasie; en (iv) die gebruik van 'n vertaalgeheueprogram. Die empiriese studie poog dus om te bepaal of voldoening aan hierdie vereistes as 'n voorspelling van hoër gehalte in vertaling kan dien.

Hierdie artikel fokus op die assessering van vertaalvermoë aan die hand van die vertaler se prestasie, met ander woorde die gehalte van die vertaalproduk wat die vertaler geskep het. Vir die doel van hierdie empiriese ondersoek word 'n vertaalproduk van hoër gehalte beskryf as 'n vertaling waarin die spesifieke vertaalopdrag nagekom is; met ander woorde die

boodskap van die bronteks is akkuraat oorgedra in 'n idiomatiese doeltaal en vir die spesifieke teikenleser (kyk afdeling 4.4 vir die vertaalopdrag).

Hierdie empiriese ondersoek het behels dat 'n eksamen vraestel deur 33 vertalers uit Engels in Afrikaans vertaal is. Drie evalueerders het die vertaalprodukte aan die hand van 'n gegewe assesseringsinstrument geëvalueer en statistiese toetse is gedoen om te bepaal of daar 'n verband tussen die gehalte van die vertaalprodukte en die gegewe vereistes aan vertalers is.

4.1 Bronteks

Die bronteks was 'n geskiedenis-eksamen vraestel vir tweedejaar-universiteitstudente wat uit ongeveer 500 woorde bestaan met Engels as die brontaal. Die vraestel bevat slegs enkele vakspesifieke terme, wat die vertalers deur navorsing kon opspoor, dus was dit nie vir die vertalers nodig om vakspesialiste op hierdie gebied te wees nie.

4.2 Vertalers

Ten einde vertaalprodukte van dieselfde bronteks deur verskillende vertalers te kry, het ek in Julie en Augustus 2012 verkennende e-posse aan 65 vertalers gestuur. Hierdie vertalers is gekies op grond van die taalkombinasie waarin hulle vertaal (Engels-Afrikaans), aangesien 'n Engelse bronteks in Afrikaans vertaal moes word. Ek het gepoog om vertalers met uiteenlopende profiele te bereik, spesifiek met betrekking tot hulle aantal jaar ervaring as professionele vertaler; of hulle SAVI-akkreditering het of nie; en oor watter akademiese kwalifikasies hulle beskik. Die roetes wat ek gevolg het om die e-pos-adresse te bekom, was deur 'n soektog op SAVI se webwerf te doen, deur drie universiteite te nader wat my na vertalers verwys het, en deur vertalers te nader met wie ek reeds kontak gehad het.

Hierdie verkennende e-posse het beskryf dat ek verskeie vertalers nodig het om 'n eksamen vraestel te vertaal (met besonderhede oor die bronteks); dat ek R250 vir die vertaling kon betaal; wanneer ek die bronteks sou stuur; en dat die leweringdatum van die vertaling min of meer twee weke ná ontvangs van die bronteks sou wees. Ek het ook 'n aantal vrae ingesluit wat die vertalers beantwoord het indien hulle aan die projek wou deelneem. Die antwoorde op van hierdie vrae het my in staat gestel om te bepaal of die vertalers aan die vereistes vir die projek voldoen, naamlik (i) Afrikaans as eerste taal, (ii) Engels as tweede taal en (iii) hulle moes voltydse taalpraktisyns wees met vertaling wat minstens 50% van hulle inkomste vorm.

Op die 65 e-posse wat uitgestuur is, het ek 54 antwoorde ontvang. Van hierdie 54 vertalers het 5 nie aan die vereistes voldoen nie: 2 se eerste taal was nie Afrikaans nie en 3 was nie voltydse taalpraktisyns nie. 'n Verdere 16 het geantwoord dat hulle as gevolg van werksdruk en/of persoonlike redes nie aan die projek kon deelneem nie. Die totale getal vertalers wat aan die projek deelgeneem het, was dus 33.

Ek het die bronteks saam met die vertaalopdrag (kyk afdeling 4.4) aan hierdie 33 vertalers gestuur, met 'n leweringdatum van twee weke later. Hierdie datum was onderhandelbaar, dus het die vertalers dié vertaalopdrag tussen hulle ander werk ingepas en was ek as navorser vir hulle in hierdie opsig 'n gewone kliënt.

Een van die voordele van hierdie werkswyse is dat die vertalers in hulle eie werksomgewings kon vertaal. Hoewel die situasie wel in 'n sekere mate onnatuurlik was (die

vertalers was bewus daarvan dat hulle aan 'n navorsingsprojek deelneem), is kommunikasie met kliënte per e-pos 'n algemene prosedure waaraan die vertalers gewoond is. Die omgewingsgeldigheid (*ecological validity*) van die navorsing is verder in die hand gewerk deurdat die vertalers 'n markverwante tarief vir die vertaling betaal is, met ander woorde die navorsing is só gedoen dat dit die vertalers se werklike werksomstandighede in 'n groot mate weerspieël (Saldanha en O'Brien 2013:33). Een van die nadele verbonde aan hierdie werkswyse is egter dat dit meer veranderlikes in die studie tot gevolg het en spesifiek dat ek nie kon seker maak (soos in 'n eksamensituasie) dat die doeltteks wel die vertaler se eie werk is nie. Ek moes my dus op die integriteit van elke vertaler beroep en het die volgende versoek saam met die vertaalopdrag gegee:

Vir die doeleindes van die navorsingstudie, probeer ek om die veranderlikes so ver moontlik te beperk. (En daar's baie in vertaling!) Daarom moet ek pertinent vra dat hierdie vertaling net jou eie werk sal wees. Volg asseblief jou gewone werkswyse en maak gebruik van jou gewone bronne, behalwe om 'n ander vertaler of sosiale netwerk om raad te vra. Jy's natuurlik meer as welkom om my te kontak as jy enige vrae oor die vertaalopdrag het.

Die profiel van die 33 vertalers word in tabel 5 uiteengesit.

Tabel 5. Die profiel van die 33 vertalers

Afrikaans as eerste taal	al 33 vertalers
Engels as tweede taal	al 33 vertalers
Beskik oor 'n graad	al 33 vertalers
Beskik oor 'n kwalifikasie in taalpraktyk	20 uit 33 (60,6%)
Beskik oor SAVI-akkreditasie	12 uit 33 (36,4%)
Het 'n vertaalgeheueprogram gebruik	8 uit 33 (24,2%)
Ouderdom	25–65 jaar (gemiddeld: 46)
Aantal jaar ervaring as voltydse taalpraktisyn	0–41 jaar (gemiddeld: 10,3)

4.3 Vraelyste

Twee vraelyste is aan die vertalers gestuur:

(i) 'n Aanvanklike vraelys oor die vertalers se eerste en tweede taal, ouderdom, kwalifikasies, ervaring as voltydse taalpraktisyn en of hulle SAVI-akkreditasie het in die taalkombinasie Engels-Afrikaans. Hierdie vraelys is gebruik om te bepaal of die vertalers aan die vereistes van die projek voldoen.

(ii) 'n Opvolgvraelys om te bepaal of die vertalers 'n vertaalgeheueprogram gebruik het, watter taaldienste benewens vertaling hulle nog lewer, en of hulle werksessies in vertaling in die afgelope drie jaar bygewoon het. Hierdie vraelys is ook gebruik om, indien nodig, uit te brei op antwoorde wat in die eerste vraelys gegee is.

4.4 Vertaalopdrag

Een van die vaardighede waaroor 'n vertaler behoort te beskik, is om die vertaalopdrag te kan nakom. Die vertaalopdrag wat ek saam met die bronteks aan die vertalers gestuur het, het gelui:

- Vertaal die dokument uit Engels in Afrikaans.
- Al die inligting in die Engelse vraestel, die aanhalings ingesluit, moet akkuraat oorgedra word in idiomatiese Afrikaans, met ander woorde die vertaling moet lees soos 'n dokument wat oorspronklik in Afrikaans opgestel is.
- Die teikenlesers is tweedejaar-geskiedenisstudente met Afrikaans as eerste taal.
- Doen die nodige navorsing oor die terminologie ten einde self 'n besluit oor die geskikste Afrikaanse term te neem.
- Hou die formatering (lettertipe, -grootte en spasiëring) van die vertaling dieselfde as dié van die oorspronklike Engelse teks.
- Ná vertaling moet die vertaalproduk gereed wees om aan die dosent gelewer te word.

4.5 Assessering

Die doel van die assessering van die 33 vertaalprodukte was om die vertalers se vertaalvermoë te meet aan die hand van die vertaler se prestasie, met ander woorde die gehalte van die vertaalproduk.

4.5.1 Assesseringsinstrument

Talle verskillende soorte assesseringsinstrumente word in die professionele vertaalpraktik gebruik om die gehalte van vertaalprodukte te bepaal. Met die ontwikkeling van die kwaliteitstandaard *EN 15038* (2006) het verteenwoordigers van 17 lande daarin gefaal om een standaard vir die vertaalproduk daar te stel en is daar besluit om hierdie standaard op die vertaaldiens te fokus (Thelen 2008:423). Ander kwaliteitstandaarde vir vertaling, soos *ASTM F2575* (2006) en die Kanadese *CAN/CGSB-131.10* (2008), fokus ook op riglyne vir 'n vertaaldiens en *ISO/TS 11669* spesifiseer dat hierdie standaard “does not provide procedures for quantitative measures of the quality of a translation product” (2012, par. 1).

Taalkantore gebruik hulle eie assesseringsinstrumente om voornemende taalpraktisyns te keur, en ook professionele vertaalorganisasies het hulle eie instrumente vir die akkreditering van hulle lede. Van hierdie instrumente is kwantitatief en werk op die beginsel van foutanalise waar daar punte afgetrek word vir foute; ander is meer kwalitatiewe en holistiese instrumente, waar die evalueerder 'n indrukspunt aan die vertaling toeken, of waar die evalueerder uit verskillende beskrywings (*descriptors*) moet kies ten einde die vertaling te assesser. (Vergelyk bv. Arango-Keeth en Koby 2003; Colina 2008 en 2009; Martínez Melis en Hurtado Albir 2001; Turner, Lai en Huang 2010; en Waddington 2001.)

Ek het gekies om 'n meer kwalitatiewe en holistiese instrument vir hierdie studie te gebruik, aangesien daar al bevind is dat sommige evalueerders so sterk fokus op die klassifikasie van foute en hoeveel punte hulle vir watter foute moet aftrek, “that it impairs their ability to arrive at a holistic appreciation of the translation they are assessing” (Turner e.a. 2010:16).

Ek het drie professionele vertaalorganisasies se assesseringsinstrumente ondersoek, naamlik dié van die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI), die American Translators

Association (ATA), en die Chartered Institute of Linguists (CIOL). Nie een van hierdie instrumente kon net so vir die doeleindes van hierdie studie gebruik word nie: die SAVI- en ATA-instrumente behels foutontleding en punte wat afgetrek word, en die CIOL-instrument se slaagsyfer van 60% is te laag, dus kon die beskrywings in die verskillende bande (*fail, pass, merit, distinction*) nie gebruik word nie.⁶

Ek het al drie hierdie instrumente in ag geneem en 'n konsep-assesseringsinstrument ontwerp. Hierdie konsep-instrument is getoets deurdat vyf evalueerders (drie vryskut-taalpraktisyns en twee vertaaldosente) dit gebruik het om vyf verskillende vertalings van een bronteks te assesseer. My versoek aan hulle was om kommentaar te lewer oor aspekte soos die formulering en woordkeuse, die gebruikersvriendelikheid van die instrument, die verskillende kategorieë (bv. akkuraatheid en idiomatiese taalgebruik), die verskillende bande (bv. uitstekend en baie swak), en enigiets anders wat sou kon bydra tot die verfyning van die instrument. Na aanleiding van hierdie kommentaar het ek die nodige aanpassings gemaak en die assesseringsinstrument aan die hand waarvan die vertaalprodukte in hierdie studie geassesseer kon word, gefinaliseer.

Die assesseringsinstrument bestaan uit vier kategorieë, naamlik (i) akkuraatheid en terminologie; (ii) idiomatiese taalgebruik, koherensie, kohesie, grammatika en spelling; (iii) register en styl; en (iv) tegniese aspekte soos uitleg, leestekengebruik en tikfoute. (Kyk bylae A vir 'n verdere verduideliking van elke kategorie.) Daar is verskillende gewigte aan die kategorieë toegeken, aangesien kategorieë (i) en (ii) 'n groter invloed op die oordrag van die boodskap het as kategorieë (iii) en (iv). Die gewigte is soos volg:

(i) akkuraatheid en terminologie: 40 uit 100

(ii) idiomatiese taalgebruik, koherensie, kohesie, grammatika en spelling: 40 uit 100

(iii) register en styl: 10 uit 100

(iv) tegniese aspekte soos uitleg, leestekengebruik en tikfoute: 10 uit 100.

Die evalueerder assesseer die vertaalprodukt deur 'n indrukspunt in al vier kategorieë toe te ken. Hierdie puntetoekenning word gedoen aan die hand van vyf bande, naamlik Onbruikbaar (0%–29%), Swak (30%–49%), Ontoereikend (50%–69%), Goed (70%–89%) en Uitstekend (90%–100%). Die verskillende bande word toegelig deur beskrywende stellings, byvoorbeeld by kategorie (ii), waar die band Swak die volgende stelling bevat: “Die teks is onsamehangend met swak gebruik van kohesiemerkers” teenoor die volgende stelling in die band Uitstekend: “Die teks is heeltemal samehangend met uitstekende gebruik van kohesiemerkers.” Die evalueerder ontvang verdere leiding deur die opmerkings wat deel is van die assesseringsinstrument en waarin daar onder andere verduidelik word dat 'n vertaalprodukt wat as swak geklassifiseer word, intensiewe revisie nodig het voordat die dokument aan die kliënt gestuur kan word, terwyl 'n vertaalprodukt wat as uitstekend geklassifiseer word, feitlik geen revisie nodig het nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie assesseringsinstrument ontwerp is om die vertalings van professionele vertalers mee te evalueer, daarom word 70% as goed of aanvaarbaar beskou, en minder as 70% as ontoereikend.

4.5.2 Evalueerders

Vyf evalueerders het ingestem om aan hierdie empiriese studie deel te neem. Een evalueerder het egter ná die eerste groep evaluering weens persoonlike omstandighede aan die studie onttrek. Hierdie evaluering is nie vir statistiese ontleding gebruik nie. Nog 'n evalueerder het al die tekste geassesseer, maar die statistiese ontleding het getoon dat dié persoon se evaluering onbetroubaar was en dat dit die resultate sou skeefrek. Een voorbeeld is waar hierdie evalueerder 'n punt van 85 toegeken het, terwyl die ander evalueerders se punte vir dieselfde vertaalprodukt onderskeidelik 66, 66 en 68 was. Dit het my genoop om hierdie evalueerder se punte nie in ag te neem met die berekening van die resultate nie. Die profiele van die oorblywende drie evalueerders word in tabel 6 uiteengesit.

Tabel 6. Die profiele van die evalueerders

Evalueerder	Beroep	Kwalifikasie	Ervaring as taalpraktisyn
1	Vryskut-taalpraktisyn	MA in Toegepaste Linguistiek	32 jaar
2	Vryskut-taalpraktisyn	Nagraadse Diploma in Vertaling	8 jaar
3	Vertaaldosent	PhD in Vertaalkunde	6 jaar

4.5.3 Prosedure

Die vertaalprodukte is anoniem aan die drie evalueerders gestuur met die versoek om dit aan die hand van die gegewe vertaalopdrag (kyk afdeling 4.4) en assesseringsinstrument (kyk bylae A) te assesseer. Ek het die 33 vertalings in drie groepe verdeel en so ver moontlik seker gemaak dat elke vertaler se teks in verskillende groepe na die verskeie evalueerders gestuur is. Vertaler 17 se teks is byvoorbeeld uitgestuur na Evalueerder 1 in die derde groep, na Evalueerder 2 in die eerste groep, en na Evalueerder 3 in die tweede groep. Ek het hierdeur gepoog om die moontlike invloed van die volgorde waarin die tekste geassesseer is, so ver moontlik te beperk. 'n Persentasie vir elke vertaalprodukt is verkry deur die totaal van die drie evalueerders se punte deur 3 te deel.

4.6 Resultate en bespreking

Die punte wat aan die vertaalprodukte toegeken is ($n=33$), wissel van 'n maksimum van 70,7% tot 'n minimum van 53,7%, met 'n gemiddeld van 64,4%. Die top 10 vertaalprodukte verskil met minder as 2%: vergelyk nr. 1 se 70,7% met nr. 10 se 69,0%. Slegs ses van die vertaalprodukte is in die assesseringsinstrument se band Goed (70%–89%) geklassifiseer.

Statistiese ontledings is gedoen om te bepaal of daar 'n verband is tussen die gehalte van die vertaalprodukt en (i) aantal jaar ervaring as 'n voltydse taalpraktisyn, (ii) 'n kwalifikasie in vertaling, (iii) SAVI-akkreditasie (Engels-Afrikaans), en (iv) die gebruik van 'n vertaalgeheueprogram soos Wordfast of SDL Trados.

4.6.1 Ervaring as 'n voltydse taalpraktisyn

In hierdie steekproef wissel dit van 0 jaar (m.a.w. slegs 'n paar maande) tot 41 jaar ervaring toe hierdie studie in 2012 onderneem is. Die gemiddelde aantal jaar ervaring is 10,3. Spearman se rangkorrelasiekoëffisiënt toon dat daar nie 'n beduidende verband is tussen die gehalte van die vertaling (m.a.w. die persentasie toegeken) en die vertalers se aantal jaar ervaring as voltydse taalpraktisyn nie (p -waarde = 0,344624). In tabel 7 blyk dit tog dat die vertalers met 0–2 jaar ervaring se punte laer is as veral dié met 6–10 jaar ervaring en dat selfs diegene met 11 en meer jaar ervaring effens swakker gevaar het as die vertalers met 6–10 jaar ervaring.

Tabel 7. Aantal jaar ervaring en die gehalte van die vertaalproduk

Ervaring-kategorie	n	Gemiddelde aantal jaar ervaring	Gemiddelde punt behaal
0–2 jaar	4	0,5	58,8%
3–5 jaar	8	4,3	64,3%
6–10 jaar	9	8,6	66,0%
11 en meer jaar	12	18,5	65,1%

4.6.2 Kwalifikasie in vertaling

Twintig uit die 33 vertalers beskik oor 'n kwalifikasie in vertaling of taalpraktyk. Die meeste kwalifikasies in hierdie steekproef behels nagraadse opleiding wat een jaar lank duur, byvoorbeeld 'n nagraadse diploma in vertaling of 'n BA Honneurs in vertaling of taalpraktyk. Slegs twee vertalers se opleiding in vertaling strek oor meer as een jaar met onderskeidelik 'n BPhil in vertaalkunde en 'n MA in vertaalpraktyk. 'n Mann-Whitney U-toets toon dat daar nie 'n beduidende verband is tussen hierdie vereiste en die gehalte van die vertaalproduk nie (p -waarde = 0,234828).

Diegene met 'n kwalifikasie in vertaling ($n=20$) se punt is 63,6% teenoor diegene sonder 'n kwalifikasie in vertaling ($n=13$) se punt van 65,6%. Hierdie resultate is 'n bevestiging van Chesterman en Wagner (2002:36) se stelling dat opleiding in vertaling nie 'n vertaalproduk van hoë gehalte waarborg nie.

4.6.3 SAVI-akkreditasie (Engels-Afrikaans)

Twaalf uit die 33 vertalers beskik oor SAVI-akkreditasie in die taalkombinasie Engels-Afrikaans. 'n Mann-Whitney U-toets toon geen beduidende verband met die gehalte van die vertaalproduk nie (p -waarde = 0,199813), hoewel hierdie p -waarde nader is aan 0,05 en hierdie verband dus sterker is as dié van aantal jaar ervaring as voltydse taalpraktisyn (met 'n p -waarde van 0,344625) en 'n kwalifikasie in vertaling (met 'n p -waarde van 0,234828).

Diegene met akkreditasie ($n=12$) se gemiddelde punt is 66,3%, teenoor diegene sonder akkreditasie ($n=21$) se 63,3%. Die gemiddelde aantal jaar ervaring van die groep met akkreditasie is 15 jaar, teenoor die groep sonder akkreditasie se ervaring van 7,4 jaar. Dit bevestig SAVI, ATA en CIOL se opmerking dat ervaring in vertaling nodig is om 'n professionele organisasie se akkreditasie-eksamen te slaag (kyk afdeling 3.1).

4.6.4 Vertaalgeheueprogram

Agt uit die 33 vertalers het van 'n vertaalgeheueprogram gebruik gemaak. 'n Mann-Whitney U-toets toon dat daar wel 'n beduidende verband tussen die gebruik van 'n vertaalgeheueprogram en die gehalte van die vertaalproduk is (p-waarde = 0,031876).

Diegene wat wel 'n vertaalgeheueprogram gebruik het (n=8) se gemiddelde punt is 67,2%, teenoor diegene wat dit nie gebruik het nie (n=25) se 63,5%. Die gemiddelde aantal jaar ervaring van die eersgenoemde groep is 11,1 jaar, teenoor die laasgenoemde groep se ervaring van 9,8 jaar.

Tabel 8 toon van die faktore wat, saam met die gebruik van 'n vertaalgeheueprogram, 'n rol in die gehalte van die vertaalproduk sou kon speel, soos ervaring, kwalifikasie, akkreditasie en die spesifieke vertaalgeheueprogram wat gebruik is. (Google Translate maak ook van statistiese masjienvertaling gebruik, maar aangesien die onderskeid tussen vertaalgeheue en masjienvertaling besig is om te vervaag (Palumbo 2009:23), word dit hier onder vertaalgeheue gegroepeer.)

Tabel 8. Die profiel van die vertalers wat 'n vertaalgeheueprogram gebruik het

Vertaler	Aantal jaar ervaring	Kwalifikasie in vertaling	SAVI-akkreditasie	Vertaalgeheueprogram gebruik	Gemiddelde punt behaal
26	6–10	✓	✓	Wordfast	70,7%
6	6–10	x	x	SDL Trados	70,3%
24	3–5	x	✓	Wordfast	70,3%
3	11 en meer	✓	✓	Wordfast	69,7%
15	11 en meer	x	✓	Wordfast	69,3%
4	6–10	✓	✓	SDL Trados	69,0%
9	3–5	x	x	Wordfast	62,0%
32	3–5	x	x	Google Translate	56,3%
Gemiddeld	11,1				67,2%

Dit blyk dat 'n tekort aan voldoende ervaring, 'n kwalifikasie in vertaling en akkreditasie 'n rol gespeel het in dié sin dat die gehalte van twee van die vertalers (vertalers 9 en 32) se vertaalprodukte laer was as die ander vertalers se vertaalprodukte, selfs al het hulle van 'n vertaalgeheueprogram gebruik gemaak. Enkele van die 33 vertalers het aangedui dat hulle van Google Translate gebruik gemaak het om 'n moontlike ekwivalent vir 'n term of twee te kry, waarna hulle verdere navorsing daarvoor gedoen het. Vertaler 32 is die enigste een wat die hele bronteks deur Google Translate laat vertaal het en daarna die program se

vertaalprodukt geredigeer het (dus *post-editing*gedoen het). Hierdie werkswyse, gekombineer met die betrokke vertaler se tekort aan ervaring, opleiding en akkreditasie, het gelei tot 'n vertaalprodukt wat nie in die professionele konteks aanvaarbaar was nie en wat deeglike revisie sou nodig gehad het voordat dit aan 'n kliënt gestuur sou kon word.

Die resultate wat tot dusver in hierdie afdeling bespreek is, skep nie 'n duidelike prentjie van hoe die profiel van "die ideale vertaler" moet lyk nie. Selfs die een aspek wat wel 'n verband met die gehalte van die vertaalprodukt toon, naamlik die gebruik van 'n vertaalgeheueprogram, kan nie in isolasie toegepas word nie: die kliënt behoort nie net een vereiste aan vertalers in ag te neem nie, maar eerder 'n kombinasie van die vereistes.

4.6.5 Kombinasie van vereistes aan vertalers

Indien 'n vertaler aan 'n kombinasie van die vereistes voldoen, sou dit moontlik 'n goeie voorspeller van die gehalte van die vertaalprodukt kon wees. Daar is net twee vertalers (vertalers 3 en 4) wat aan al vier vereistes voldoen, dus word die resultate van die vertalers wat aan drie van die vereistes voldoen, naamlik ses en meer jaar ervaring as taalpraktisyn, 'n kwalifikasie in vertaling en SAVI-akkreditasie in tabel 9 aangedui.

Tabel 9. Vertalers wat aan 'n kombinasie van vereistes voldoen

Vertaler	Aantal jaar ervaring	Gemiddelde punt behaal
3	11 en meer	69,7%
4	6–10	69,0%
27	11 en meer	64,3%
21	6–10	64,1%
29	11 en meer	61,7%
22	11 en meer	61,0%
Gemiddeld	16	64,9%

Teen die verwagting in, is nie een van hierdie vertaalprodukte deur die evalueerders as aanvaarbaar in die professionele konteks beskou nie (minimum 70%) en is die gemiddeld van hierdie vertalers (64,9%) bykans dieselfde as dié van die hele groep van 33 vertalers (64,4%). Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat vier van die vertalers wat aan drie vereistes voldoen, met hierdie vertaling onderpresteer het: vertalers 21 en 27, en veral vertalers 22 en 29, wie se vertaalprodukte volgens die evalueerders in die groep met die tien laagste punte val. Hierdie onderprestasie is 'n voorbeeld van Drugan (2013:70) se stelling dat selfs die beste vertalers nie deurgaans produkte van hoë gehalte lewer nie. Nog moontlike verklarings is dat hierdie vertalers hulleself onder te veel werksdruk geplaas het en/of dat hulle nie genoeg interne motivering gehad het om 'n goeie vertaalprodukt te lewer nie (kyk afdeling 4.6.7).

4.6.6 Die tien beste vertalings

Tabel 10. Die tien beste vertalings

Vertaler	Aantal jaar ervaring	Kwalifikasie in vertaling	Akkreditasie	Vertaalgeheue-program	Gemiddelde punt behaal
26	6–10	✓	x	✓	70,7%
6	6–10	x	x	✓	70,3%
24	3–5	x	✓	✓	70,3%
18	11 en meer	x	x	x	70,0%
8	11 en meer	✓	x	x	70,0%
19	11 en meer	x	✓	x	70,0%
3	11 en meer	✓	✓	✓	69,7%
11	3–5	x	✓	x	69,7%
15	11 en meer	x	✓	✓	69,3%
4	6–10	✓	✓	✓	69,0%

Die tien vertaalprodukte met die beste punte is deur vertalers met uiteenlopende profiele gelewer: van vertalers wat aan al vier die vereistes voldoen (vertalers 3 en 4) tot vertalers wat aan net een van die vier vereistes voldoen (vertalers 18 en 11). Dit wil voorkom of ervaring as taalpraktisyn tog 'n rol speel, met agt uit die tien vertalers wat ses en meer jaar ervaring het en 'n gemiddeld vir die groep van 12,3 jaar ervaring. Daar is slegs vier vertalers in hierdie groep met 'n kwalifikasie in vertaling: een met 'n MA in taalpraktyk, twee met 'n nagraadse diploma in vertaling, en een met 'n BA Honneurs in vertaling. Ses uit die tien vertalers beskik oor SAVI-akkreditasie en dieselfde getal vertalers het 'n vertaalgeheueprogram gebruik. Dit blyk dus dat daar nie uit hierdie steekproef 'n profiel vir 'n "ideale vertaler" geformuleer kan word nie.

In hulle soeke na 'n geskikte vertaler kan kliënte egter die vier vereistes wat in hierdie empiriese studie ondersoek is, as riglyne gebruik en dan, soos die kwaliteitstandaarde *EN 15038* en *ISO/TS 11669* aanbeveel (kyk tabel 4), persoonlike verwysings kry met betrekking tot die gehalte van die vertaler se vorige vertalings in die spesifieke genre en taalkombinasie.

4.6.7 Beperkinge van die empiriese studie en verdere navorsing

'n Moontlike verklaring hoekom daar nie 'n beduidende verband tussen die gehalte van die vertaalprodukt en die drie vereistes ten opsigte van ervaring, opleiding en akkreditasie gevind is nie, is die talle veranderlikes wat in 'n empiriese studie oor die gehalte van vertaling betrokke is, en die feit dat dit bykans onmoontlik is om slegs enkele veranderlikes in isolasie

te bestudeer. Byvoorbeeld: wanneer die gemiddelde punte van die vertalers met SAVI-akkreditasie vergelyk word met die vertalers sonder akkreditasie, moet daar in gedagte gehou word dat talle ander veranderlikes ook 'n invloed op die gehalte van die tekste het. Nie net die aantal jaar ervaring, kwalifikasie en gebruik van 'n vertaalgeheueprogram nie, maar ook algemene intellek, werksomstandighede (bv. tydsdruk en beskikbare hulpbronne) en selfs emosionele aspekte, soos ook in Göpferich (2013:72) en Beeby (2000b:189) genoem, byvoorbeeld die motivering om 'n goeie vertaalprodukt te lewer, kan 'n rol speel. Die motivering om goeie werk te lewer ten einde 'n akkreditasie-eksamen te slaag, kan byvoorbeeld groter wees as om goeie werk vir 'n navorsingsprojek te lewer. Hoewel ek die omgewingsgeldigheid van die studie probeer verbeter het deur die vertalers 'n markverwante tarief te betaal, is die motiveringsvlakke slegs een van die veranderlikes wat 'n navorser nie kan beheer nie.

'n Verdere beperking van hierdie empiriese studie is dat die betrokke bevolking – voltydse taalpraktisyns in Suid-Afrika wat uit hulle tweede taal Engels in hulle eerste taal Afrikaans vertaal – nie verteenwoordig kan word deur hierdie steekproef-grootte ($n=33$) nie. Hierdie verskynsel is 'n algemene probleem met empiriese studies in vertaalkunde – aangesien daar heelwat onkoste aan empiriese studies onder taalpraktisyns verbonde is, is die steekproefgrootte gewoonlik klein of word die studie eerder onder studente gedoen wat meer geredelik (en selfs gratis) beskikbaar is. Ek het gekies om hierdie studie onder voltydse taalpraktisyns te doen, aangesien vaardighede in professionele vertaling ondersoek word. Die grootte van hierdie steekproef is dus bepaal deur die beskikbaarheid van die professionele vertalers asook die hulpbronne tot my beskikking.

Ek het ook hulpbronne nodig gehad om die evalueerders te vergoed, selfs die evalueerder wie se werk deur die statistiese ontleding as onbetroubaar uitgewys is en wie se assesserings ek dus glad nie in berekening kon bring nie (kyk afdeling 4.5.2). Hierdie ervaring het my genoop om die betroubaarheid van die oorblywende drie evalueerders se werk te toets deur 'n kwantitatiewe assesseringsinstrument te gebruik om die beste drie vertalings en die swakste drie vertalings mee te ontleed en punte daaraan toe te ken. My ontleding is deur 'n persoon met 'n kwalifikasie in vertaling en meer as tien jaar ervaring as taalpraktisyn geverifieer. Waar daar verskille was, het ons die gevalle bespreek en tot 'n vergelyk gekom. Die resultate van hierdie kwantitatiewe ontleding toon dat die drie evalueerders se punte wat aan die hand van die meer kwalitatiewe assesseringsinstrument in bylae A toegeken is, wel akkuraat is. Die volgende stap is nou om die oorblywende 27 vertalings ook met behulp van die kwantitatiewe assesseringsinstrument te ontleed en daardie uitslae met dié van die evalueerders s'n te vergelyk.

'n Laaste beperking van die huidige empiriese studie wat tot verdere navorsing kan lei, is dat die vertaalvaardigheid van vertalers nie net in een empiriese studie getoets behoort te word nie. Daar is talle veranderlikes, soos motivering, werksomstandighede en gebeure buite die vertalers se beheer, wat die gehalte van die vertaalprodukt kan beïnvloed. 'n Herhaling van die huidige empiriese studie met dieselfde vertalers en met 'n vergelykbare bronteks is dus nodig om die resultate van hierdie studie te verifieer.

5. Ten slotte

In hierdie artikel het ek ondersoek ingestel na die minimum vereistes wat aan vertalers gestel word in die teorie (afdeling 2) asook in die praktyk deur drie professionele vertaalorganisasies en kwaliteitstandaarde wat spesifiek vir die vertaalbedryf ontwikkel is

(afdeling 3). Vier van die vereistes wat in hierdie ondersoek geïdentifiseer is, is (i) aantal jaar ervaring as 'n voltydse taalpraktisyn, (ii) 'n kwalifikasie in vertaling, (iii) akkreditasie in die spesifieke taalkombinasie by 'n professionele organisasie (soos SAVI), en (iv) die gebruik van 'n vertaalgeheueprogram soos Wordfast of SDL Trados. 'n Empiriese studie waarin 33 vertalers 'n geskiedenis-eksamen vraestel van ongeveer 500 woorde uit Engels in Afrikaans vertaal het, is uitgevoer ten einde te bepaal of daar 'n verband tussen hierdie vereistes en die gehalte van die vertaalprodukte is.

Daar is 'n beduidende verband tussen die gehalte en slegs een vereiste gevind, naamlik die gebruik van 'n vertaalgeheueprogram. Die resultate het egter ook getoon dat voldoening aan net hierdie een vereiste nie noodwendig tot 'n vertaalproduk van hoë gehalte lei nie, maar dat die kliënt eerder 'n vertaler moet kies wat aan 'n kombinasie van hierdie vereistes voldoen en dan persoonlike verwysings kry met betrekking tot die gehalte van die vertaler se vorige vertalings in die spesifieke genre en taalkombinasie.

'n Statutêre liggaam soos die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad wat in die vooruitsig gestel word (Departement van Kuns en Kultuur 2013), kan die kliënt bystaan deur die ontwerp van 'n nuwe akkreditasiestelsel vir Suid-Afrikaanse taalpraktisyns. In hierdie proses behoort die minimum vereistes wat in oorsese kwaliteitstandaarde aan vertalers gestel word, bestaande akkreditasiestelsels soos dié van SAVI en die ATA en die insette van professionele taalpraktisyns in ag geneem te word. Indien so 'n akkreditasiestelsel doeltreffend bestuur word en byvoorbeeld ook vir voortgesette opleiding voorsiening maak, kan dit die professionele status van vertalers verhoog en kliënte leiding gee om 'n geskikte vertaler vir 'n spesifieke vertaalopdrag te kies.

Bibliografie

Alves, F. (red.). 2003. *Triangulating translation: Perspectives in process oriented research*. Amsterdam: John Benjamins.

Angelelli, C. 2009. Using a rubric to assess translation ability: Defining the construct. In Angelelli en Jacobson (2009).

Angelelli, C. en H. Jacobson. 2009. *Testing and assessment in translation and interpreting studies: A call for dialogue between research and practice*. Amsterdam: John Benjamins.

Arango-Keeth, F. en G. Koby. 2003. Assessing assessment. Translator training evaluation and the needs of industry quality assessment. In Baer en Koby (2003).

ASTM F2575 Standard guide for quality assurance in translation. 2006. West Conshohocken, VSA: ASTM International.

ATA (American Translators Association). 2006. ATA Certification Program. Continuing education: Administrative policies. https://www.atanet.org/certification/aboutcont_administrative_policies.php (16 September 2013 geraadpleeg).

—. 2009a. ATA Certification Program. Certification exam: What is the purpose of the ATA certification examination? http://www.atanet.org/certification/aboutexams_overview.php (16 September 2013 geraadpleeg).

- . 2009b. ATA Certification Program: Certification program mission. https://www.atanet.org/certification/aboutcert_mission.php (16 September 2013 geraadpleeg).
- . 2009c. Flowchart for error point decisions. https://www.atanet.org/certification/aboutexams_flowchart.pdf (16 September 2013 geraadpleeg).
- . 2011. ATA Certification Program: Rubric for grading. https://www.atanet.org/certification/aboutexams_rubric.pdf (16 September 2013 geraadpleeg).
- . 2013a. About the ATA: ATA mission statement. http://www.atanet.org/aboutus/mission_statement.php (16 September geraadpleeg).
- . 2013b. About the ATA: History. <http://www.atanet.org/aboutus/history.php> (16 September 2013 geraadpleeg).
- . 2013c. ATA Certification Program. Continuing education: Overview. https://www.atanet.org/certification/aboutcont_overview.php (16 September 2013 geraadpleeg).
- . 2013d. ATA Certification Program. Eligibility requirements: Certification exam education/Experience eligibility form. http://www.atanet.org/certification/eligibility_requirementsform.php (16 September 2013 geraadpleeg).
- . 2013e. ATA Certification Program. Eligibility requirements: List of approved translation and interpreting schools. https://www.atanet.org/certification/eligibility_approved.php (16 September 2013 geraadpleeg).
- . 2013f. ATA Certification Program. Framework for standardized error marking: Explanation of error categories. https://www.atanet.org/certification/aboutexams_error.php (16 September 2013 geraadpleeg).
- . s.j. ATA Certification Program: Continuing education and ATA certification maintenance record. http://www.atanet.org/certification/aboutcont_record.pdf (16 September 2013 geraadpleeg).
- Baer, B. en G. Koby. 2003. *Beyond the ivory tower: Rethinking translation pedagogy*. Amsterdam: John Benjamins.
- Beeby, A. 2000a. Choosing an empirical-experimental model for investigating translation competence: The PACTE model. In Olohan (red.) (2000).
- . 2000b. Evaluating the development of translation competence. In Schäffner en Adab (reds.) (2000).
- Bell, R. 1991. *Translation and translating: Theory and practice*. Londen: Longman.

Bonnet, B. 2006. Quality standards: A sign of the industry's maturity? *MultiLingual*. Junie, ble. 45–8.

Brislin, R. (red.). 1976. *Translation: Applications and research*. New York: Gardner Press.

Budin, G., Z. Krajcso en A. Lommel. 2013. The TransCert Project: Ensuring that transnational translator certification meets stakeholder needs. *Translation & Interpreting*, 5(1):143–55.

CAN/CGSB-131.10 Translation services. 2008. Gatineau, Kanada: Canadian General Standards Board.

Cao, D. 1996. Towards a model of translation proficiency. *Target*, 8(2):325–40.

Chan, A. 2013. Signal jamming in the translation market and the complementary roles of certification and diplomas in developing multilateral signalling mechanisms. *Translation & Interpreting*, 5(1):211–21.

Chesterman, A. en E. Wagner. 2002. *Can theory help translators? A dialogue between the ivory tower and the wordface*. Manchester: St Jerome.

Chodkiewicz, M. 2012. The EMT framework of reference for competences applied to translation: Perceptions by professional and student translators. *The Journal of Specialised Translation*, 17:37–54.

CIOL (Chartered Institute of Linguists). 2011. Diploma in translation: Handbook for candidates. <http://www.iol.org.uk/qualifications/DipTrans/DipTransHandbook.pdf> (10 Februarie 2014 geraadpleeg).

—. 2013a. About us. <http://www.iol.org.uk/about/default.asp> (11 Februarie 2014 geraadpleeg).

—. 2013b. CPD workshops. <http://www.iol.org.uk/trainingcourses.asp> (11 Februarie 2014 geraadpleeg).

—. 2013c. IoLET Level 7 Diploma in translation (QCF). http://www.iol.org.uk/qualifications/exams_diptrans.asp (11 Februarie 2014 geraadpleeg).

—. s.j.a. Continuing professional development (CPD) record. <http://www.iol.org.uk/membership/default.asp> (11 Februarie 2014 geraadpleeg).

—. s.j.b. Criteria for membership. <http://www.iol.org.uk/membership/nav.asp?r=XJEMQGQXQAA&3pid=ELEYKEK> 8(11 Februarie 2014 geraadpleeg).

Colina, S. 2008. Translation quality evaluation: Empirical evidence for a functionalist approach. *The Translator*, 14(1):97–134.

—. 2009. Further evidence for a functionalist approach to translation quality evaluation. *Target*, 21(2):235–64.

Drugan, J. 2013. *Quality in professional translation: Assessment and improvement*. Londen: Bloomsbury.

DvKK (Departement van Kuns en Kultuur). 2013. South African Language Practitioners' Council Bill. [www.translators.org.za/legislation/SA_Language_Practitioners_Council_Bill\(b14-2013\).pdf](http://www.translators.org.za/legislation/SA_Language_Practitioners_Council_Bill(b14-2013).pdf) (2 Augustus 2013 geraadpleeg).

EMT expert group. 2009. Competences for professional translators, experts in multilingual and multimedia communication. http://ec.europa.eu/dgs/translation/programmes/emt/key_documents/emt_competences_translators_en.pdf (30 Augustus 2013 geraadpleeg).

EN 15038 Translation services – Service requirements. 2006. Brussel, België: European Committee for Standardization.

Garcia, I. 2009. Beyond translation memory: Computers and the professional translator. *The Journal of Specialised Translation*, 12:199–214.

Gile, D. 1995. *Basic concepts and models for interpreting and translator training*. Amsterdam: John Benjamins.

Göpferich, S. 2009. Towards a model of translation competence and its acquisition: The longitudinal study TransComp. In Göpferich, Jakobsen en Mees (reds.) (2009).

—. 2013. Translation competence: Explaining development and stagnation from a dynamic systems perspective. *Target*, 25(1):61–76.

Göpferich, S., G. Bayer-Hohenwarter, F. Prassl en J. Stadlober. 2011. Exploring translation competence acquisition: Criteria of analysis put to the test. In O'Brien (red.) (2011).

Göpferich, S., A. Jakobsen en I. Mees (reds.). 2009. *Behind the mind: Methods, models and results in translation process research*. Copenhagen Studies in Language 37. Copenhagen: Samfundslitteratur Press.

Gouadec, D. 2007. *Translation as a profession*. Amsterdam: John Benjamins.

Hague, D., A. Melby en W. Zheng. 2011. Surveying translation quality assessment: A specification approach. *The Interpreter and Translator Trainer*, 5(2):243–67.

Hlavac, J. 2013. A cross-national overview of translator and interpreter certification procedures. *Translation & Interpreting*, 5(1):32–65.

Hönig, H. 1991. Holmes' "Mapping Theory" and the landscape of mental translation processes. In Van Leuven-Zwart en Naajkens (reds.) (1991).

—. 1995. *Konstruktives Übersetzen*. Tübingen: Stauffenburg.

ISO/TS 11669 Translation projects – General guidance. 2012. Genève: International Organization for Standardization.

- Kearns, J. (red.). 2008. *Translator and interpreter training: Issues, methods and debates*. Londen: Continuum.
- Koby, G. en G. Champe. 2013. Welcome to the real world: Professional-level translator certification. *Translation & Interpreting*, 5(1):156–73.
- Koby, G. en A. Melby. 2013. Certification and job task analysis (JTA): Establishing validity of translator certification examinations. *Translation & Interpreting*, 5(1):174–210.
- Kotze, A. 2012. Die professionalisering van taalpraktisyne in Suid-Afrika en Vlaandere: 'n Vergelykende studie. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Noordwes-Universiteit.
- Lewandowska-Tomaszczyk, B. en M. Thelen (reds.). 2008. *Translation and meaning*. Deel 8. Proceedings of the Łódź Session of the 2005 Maastricht-Łódź Duo Colloquium on “Translation and Meaning”, held in Łódź, Poland, 23–25 September 2005. Maastricht: Hogeschool Zuyd, Maastricht School of International Communication, Department of Translation and Interpreting.
- Lommel, A. 2013. Alternatives to certification. *Translation & Interpreting*, 5(1):222–34.
- Martínez Melis, N. en A. Hurtado Albir. 2001. Assessment in Translation Studies: Research needs. *Meta*, 46(2):272–87.
- Neubert, A. 2000. Competence in language, in languages, and in translation. In Schäffner en Adab (reds.) (2000).
- O'Brien, S. (red.). 2011. *Cognitive explorations of translation*. Londen: Continuum.
- Olohan, M. (red.). 2000. *Intercultural faultlines*. Manchester: St Jerome.
- Orozco, M. 2000. Building a measuring instrument for the acquisition of translation competence in trainee translators. In Schäffner en Adab (reds.) (2000).
- PACTE (Process of Acquisition of Translation Competence and Evaluation). 2003. Building a translation competence model. In Alves (red.) (2003).
- . 2005. Investigating translation competence: Conceptual and methodological issues. *Meta*, 50(2):609–19.
- . 2008. First results of a translation competence experiment: “Knowledge of translation” and “efficacy of the translation process”. In Kearns (red.) (2008).
- . 2011. Results of the validation of the PACTE translation competence model: Translation project and dynamic translation index. In O'Brien (red.) (2011).
- Palumbo, G. 2009. *Key terms in Translation Studies*. Londen: Continuum.
- Presas, M. 2000. Bilingual competence and translation competence. In Schäffner en Adab (reds.) (2000).

- Pym, A. 2003. Redefining translation competence in an electronic age. In defence of a minimalist approach. *Meta*, 48(4):481–97.
- Saldanha, G. en S. O'Brien. 2013. *Research methodologies in translation studies*. Manchester: St Jerome.
- SAVI (Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut). 2001. Accreditation examinations: Guidelines on marking. Dokument by SAVI verkry.
- . 2007a. Background: Accreditation in South Africa. http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=1739 (16 September 2013 geraadpleeg).
- . 2007b. Translation: Translation accreditation. http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=1761 (16 September 2013 geraadpleeg).
- . 2007c. Wie ons is: Die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut. http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=1651 (10 Februarie 2014 geraadpleeg).
- . 2009. Konstitusie. http://translators.org.za/sati_cms/downloads/dynamic/sati_constitution_2009_final_afrikaans_afrikaans.pdf (10 Februarie 2014 geraadpleeg).
- . 2014. Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad. *SAVI Bulletin*, 14(2):1.
- . s.j.a. Etiese kode vir individuele lede. http://translators.org.za/sati_cms/downloads/dynamic/sati_ethics_individual_afrikaans_afrikaans.pdf (10 Februarie 2014 geraadpleeg).
- . s.j.b. Framework for marking of translation accreditation examination. http://translators.org.za/sati_cms/downloads/dynamic/marking_guidelines_translation_english.pdf (16 September 2013 geraadpleeg).
- . s.j.c. Information regarding the accreditation examinations. http://translators.org.za/sati_cms/downloads/dynamic/sati_accreditation_general_guidelines_english.pdf (16 September 2013 geraadpleeg).
- Schäffner, C. en B. Adab (reds.). 2000. *Developing translation competence*. Amsterdam: John Benjamins.
- Schmitt, P. 2012. Bologna, EMT and CIUTI: Approaches to high quality in translation and interpretation training. *Meta*, 57(1):23–34.
- Thelen, M. 2008. Translation quality assessment or quality management and quality control of translation? In Lewandowska-Tomaszczyk en Thelen (reds.) (2008).
- Turner, B., M. Lai en N. Huang. 2010. Error deduction and descriptors: A comparison of two methods of translation test assessment. *Translation & Interpreting*, 2(1):11–23.

Van Leuven-Zwart, K. en T. Naajkens (reds.). 1991. *Translation Studies: The state of the art. Proceedings from the First James S. Holmes Symposium on Translation Studies*. Amsterdam: Rodopi.

Waddington, C. 2001. Different methods of evaluating student translations: The question of validity. *Meta*, 46(2):311–25.

Way, C. 2008. Systematic assessment of translator competence: In search of Achilles' Heel. In Kearns (red.) (2008).

Wills, W. 1976. Perspectives and limitations of a didactic framework for the teaching of translation. In Brislin (red.) (1976).

Bylae A

Riglyne: Assesseringsinstrument vir professionele vertaling

1. Hierdie instrument is ontwerp om die vertalings van *professionele vertalers* mee te evalueer, daarom word 70% as goed of aanvaarbaar beskou, en minder as 70% as ontoereikend.

In 'n professionele konteks is dit nie goed genoeg om 'n "redelik goeie" teks aan 'n kliënt te stuur nie. Die woord *redelik* (d.i. *taamlik*, *skaflik*, *nie sleg nie*) het dus in hierdie konteks 'n negatiewe konnotasie.

Kyk asseblief die volgende tabel:

	Algemene riglyne oor verskillende bande
90%–100% Uitstekend	* Die teks is ten volle geskik vir die bedoelde funksie; die vertaalopdrag is ten volle nagekom * Feitlik geen revisie is nodig voor dokument aan kliënt gestuur kan word nie
70%–89% Goed	* Die teks is geskik vir die bedoelde funksie; die vertaalopdrag is tot 'n groot mate nagekom * Ligte revisie is nodig voor dokument aan kliënt gestuur kan word
50%–69% Ontoereikend	* Die teks is meestal ongeskik vir die bedoelde funksie; die vertaalopdrag is tot 'n groot mate nie nagekom nie * Deeglike revisie is nodig voor dokument aan kliënt gestuur kan word
30%–49% Swak	* Die teks is ongeskik vir die bedoelde funksie; die vertaalopdrag is nie nagekom nie * Intensiewe revisie is nodig voor dokument aan kliënt gestuur kan word

0%–29%	* Die teks is totaal ongeskik vir die bedoelde funksie; die vertaalopdrag is glad nie nagekom nie
Onbruikbaar	* Dit is nie kostedoeltreffend om die teks vir revisie te stuur nie; die vertaling moet heeltemal oorgedoen word

2. Die vertaling word deurgaans gemeet aan die vereistes soos in die betrokke vertaalopdrag uiteengesit, bv. of die vertaling verstaanbaar sal wees vir die teikenleser soos in die vertaalopdrag beskryf.

3. Die verskil tussen kleiner en groter foute word in ag geneem met die toekenning van punte.

3.1 Kleiner foute: beïnvloed nie die boodskap van die bronteks nie

3.2 Groter foute: verdoesel en/of verander die boodskap van die bronteks.

Let egter daarop dat daar nie spesifieke gewigte aan kleiner en groter foute toegeken word nie, en dat daar nie punte afgetrek word vir elke fout nie. Die onderskeid tussen kleiner en groter foute dien wel as 'n riglyn om 'n vertaling in 'n spesifieke band te plaas. 'n Vertaling met groter foute kan bv. as ontoereikend (en laer) geklassifiseer word, terwyl 'n vertaling met kleiner foute steeds as goed geklassifiseer kan word. Neem veral die graad van revisie in ag wat gedoen sal moet word om die vertaling aan die vertaalopdrag te laat voldoen.

Assesseringsinstrument vir professionele vertaling

Groep:	Dokumentnommer:	Finale punt: /100
Evalueerder:	Datum:	
	<p>1. Akkuraatheid, terminologie</p> <p>*Verkeerde vertaling: die bronteks is verkeerd vertolk of die verkeerde woord, bv. <i>wetenskaplikes</i> i.p.v. <i>navorsers</i>, is gebruik.</p> <p>*Weglating: Nie alle woorde in die bronteks hoef vertaal te word nie. Dit is 'n groter fout om belangrike inligting wat die boodskap van die bronteks moet oordra, weg te laat.</p> <p>*Byvoeging: Die byvoeging is aanvaarbaar slegs indien die doelteksleser die boodskap daarsonder sal misverstaan.</p> <p>* Die vertaling moet konsekwent wees.</p> <p>* Terminologie is gepas wanneer dit geskik is vir die betrokke register. Die term <i>Duitse masels</i> is bv. gepas in 'n brosjure vir die leek, maar onvanpas in 'n mediese vaktydskrif, waar <i>rubella</i> eerder</p>	Punt: /40

	gepas is.	
36–40 Uitstekend	<ul style="list-style-type: none"> * Akkurate oordrag van inligting * Geen foute wat inligting verdoesel of verander nie * Geen ongegronde weglatings of byvoegings nie * Akkurate en gepaste vertaling van terminologie 	
28–35 Goed	<ul style="list-style-type: none"> * Meestal akkurate oordrag van inligting * Kleiner foute kom voor wat inligting verdoesel, maar nie verander nie * Enige ongegronde weglatings en/of byvoegings het 'n minimale invloed op die oordrag van inligting * Meestal akkurate en gepaste vertaling van terminologie; kleiner foute kan voorkom 	
20–27 Ontoereikend	<ul style="list-style-type: none"> * Redelik akkurate oordrag van inligting * Kleiner en groter foute kom voor wat inligting verdoesel en soms verander * Ongegronde weglatings en/of byvoegings het 'n nadelige invloed op die oordrag van inligting * Redelik akkurate en gepaste vertaling van terminologie, maar met kleiner en groter foute 	
12–19 Swak	<ul style="list-style-type: none"> * Meer onakkurate oordrag van inligting * Kleiner en groter foute kom voor wat inligting verdoesel en/of verander * Ongegronde weglatings en/of byvoegings het 'n baie nadelige invloed op die oordrag van inligting * Meer onakkurate en onvanpaste vertaling van terminologie met kleiner en groter foute 	
1–11 Onbruikbaar	<ul style="list-style-type: none"> * Meestal onakkurate oordrag van inligting * Kleiner en groter foute kom voor wat inligting verdoesel en verander * Ongegronde weglatings en/of byvoegings het 'n uiters nadelige invloed op die oordrag van inligting * Meestal onakkurate en onvanpaste vertaling van terminologie met talle kleiner en groter foute 	
Kommentaar:		
	2. Idiomatiese taalgebruik, koherensie, kohesie, grammatika,	Punt: /40

	<p style="text-align: center;">spelling</p> <p>* Te direkte of woord-vir-woord-vertaling: Die brontaal is te slaafs nagevolg. Dit veroorsaak 'n vreemde vertaling wat dikwels nie sin maak nie. Die vertaling is onsamehangend en die koherensie van die teks gaan verlore.</p> <p>* Kohesie: Die skakels (of kohesiemerkers) tussen woorde en sinne moet 'n duidelike verband skep, byvoorbeeld:</p> <p><i>Hierdie motor is al oud, maar ry nog steeds lekkerder as my pa s'n.</i></p> <p>Martie sal nog <i>die huis aan die kant maak</i> as sy moet, maar Elsie sal <i>dit glad nie doennie</i>.</p> <p>Sy is baie vriendelik, <i>maar</i> nie hardwerkend nie. (<i>dus</i> werk nie hier nie)</p> <p>Ek het die brief Woensdag ontvang, <i>waarna</i> ek my tante gaan besoek het.</p> <p>Ons sal 'n paar dinge moet saamvat, <i>naamlik</i> die tent, matrasse en stoele.</p> <p>* Grammatikale foute, spelfoute en inkonsekwente spelling: Dit behels foute wat nie die boodskap van die bronteks beïnvloed nie, dus kleiner foute. Indien hierdie foute 'n verkeerde vertaling veroorsaak, word dit in afdeling 1 onder Akkuraatheid, terminologie hanteer.</p>	
<p style="text-align: center;">36–40</p> <p style="text-align: center;">Uitstekend</p>	<p style="text-align: center;">* Idiomatiese taalgebruik</p> <p>* Die teks is heeltemal samehangend met uitstekende gebruik van kohesiemerkers</p> <p style="text-align: center;">* Uitstekende gebruik van grammatikale strukture</p> <p style="text-align: center;">* Spelling is foutloos</p>	
<p style="text-align: center;">28–35</p> <p style="text-align: center;">Goed</p>	<p style="text-align: center;">* Meestal idiomatiese taalgebruik</p> <p>* Die teks is meestal samehangend met baie goeie gebruik van kohesiemerkers</p> <p style="text-align: center;">* Goeie gebruik van grammatikale strukture</p> <p style="text-align: center;">* Spelling is goed; kleiner spelfoute kom soms voor</p>	
<p style="text-align: center;">20–27</p> <p style="text-align: center;">Ontoereikend</p>	<p style="text-align: center;">* Redelik idiomatiese taalgebruik</p> <p>* Die teks is redelik samehangend met soms goeie gebruik van</p>	

	<p>kohesiemerkers</p> <p>* Redelike gebruik van grammatikale strukture</p> <p>* Spelling is redelik; kleiner en groter spelfoute kom soms voor</p>	
<p>12–19</p> <p>Swak</p>	<p>* Meer onidiomatiese taalgebruik</p> <p>* Die teks is onsamehangend met swak gebruik van kohesiemerkers</p> <p>* Swak gebruik van grammatikale strukture</p> <p>* Spelling is swak; kleiner en groter spelfoute kom meer gereeld voor</p>	
<p>1–11</p> <p>Onbruikbaar</p>	<p>* Meestal onidiomatiese taalgebruik</p> <p>* Die teks is heeltemal onsamehangend met baie swak gebruik van kohesiemerkers</p> <p>* Baie swak gebruik van grammatikale strukture</p> <p>* Spelling is baie swak; teks is deurspek met kleiner en groter spelfoute</p>	
Kommentaar:		
	<p style="text-align: center;">3. Register, styl</p> <p>* Register hang nou saam met tekstipe. Die register van 'n akademiese vraestel word bv. gekenmerk deur woorde soos <i>beskryf</i>, <i>ontleed</i> en <i>bespreek</i>.</p> <p>* Styl hang nou saam met register en moet verkieslik nie in die vertaling verander word nie, bv. die beskrywende styl van 'n vakansiebrosjure teenoor die wetenskaplike styl van 'n tesisopsomming. Die styl van 'n amptelike brief is meer formeel as dié van 'n nuusberig.</p>	Punt: /10
<p>9–10</p> <p>Uitstekend</p>	<p>* Gepaste register en styl vir hierdie tekstipe</p>	
<p>7–8</p> <p>Goed</p>	<p>* Meestal gepaste register en styl vir hierdie tekstipe</p>	
<p>5–6</p> <p>Ontoereikend</p>	<p>* Redelik gepaste register en styl vir hierdie tekstipe</p>	
<p>3–4</p> <p>Swak</p>	<p>* Meer onvanpaste register en styl vir hierdie tekstipe</p>	
<p>1–2</p>	<p>* Totaal onvanpaste register en styl vir hierdie tekstipe</p>	

Onbruikbaar		
Kommentaar:		
	<p>4. Tegniese aspekte (uitleg, leestekengebruik, tikfoute)</p> <p>* Uitleg sluit in spasiëring, opskrifte, nommering, die formaat van aanhalings, lettertipe en -grootte, kursivering, vetdruk en die formaat van bv. geldbedrae en telefoonnommers.</p> <p>* Tikfoute (bv. <i>honnd</i>); en die gebruik van hoof- of kleinletters</p> <p>* Konsekwentheid: opskrifte moet bv. dieselfde lyk en skryfwyse soos hoof- of kleinletters moet konsekwent wees.</p>	Punt: /10
9–10 Uitstekend	* Uitstekende toepassing van tegniese aspekte	
7–8 Goed	* Goeie toepassing van tegniese aspekte	
5–6 Ontoereikend	* Redelike toepassing van tegniese aspekte	
3–4 Swak	* Swak toepassing van tegniese aspekte	
1–2 Onbruikbaar	* Baie swak toepassing van tegniese aspekte	
Kommentaar:		

Eindnotas

¹ Hierdie artikel is gebaseer op my tans onvoltooide PhD-studie onder leiding van Ilse Feinauer, verbonde aan die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands. Die studie handel oor die gehalteversekering van vertaalde studiemateriaal in 'n hoërondewysomgewing.

² Kotze (2012:325–6) gee moontlike redes waarom talle SAVI-lede nie geakkrediteer is nie, onder andere dat werkgewers oor die algemeen nie SAVI-akkreditasie vereis nie, maar die kandidate eerder hulle eie bevoegdheidseksamens laat aflê.

³ 'n Oorsig oor die verskillende vertaalvermoëmodelle in die literatuur kan gevind word in Beeby (2000a); Arango-Keeth en Koby (2003); Pym (2003); Way (2008); Angelelli (2009);